

Toe my man sy werk verloor – Tallie deel haar dagboek

deur Tallie

23 Julie 2009

DIVERSE

<http://www.sarie.com/diverse/my-man-het-sy-werk-verloor-deel-i-van-leser-se-dagboek/>

27 November

Ek is vroegoggend oppad Hoofkantoor toe, toe my telefoon lui.

“Tallie, dit klink asof jy ry, kan ek praat?” vra die prokureur aan die anderkant van die telefoon. Ag Here, moet tog nie dat die man nou geld soek nie, hoop ek by myself.

“Ja, ek ry, maar jy kan maar gesels,” antwoord ek my opgewekte self.

“Tallie, julle het die Hoofgeregshofsaak gewen!”

Ek gil, lag en huil gelyk. “Dankie, dankie, dankie,” antwoord ek dankbaar.

Simon kan aangaan met sy besigheid, sy visitekaartjies laat druk, registreer vir BTW, daar is so baie om op te noem.

Ons kan weer ons lewe hervat!

26 November

Vandag is my verjaarsdag en ek besluit om sommer soos die vriende bel, hulle te nooi vir ‘n eenskottelgereg en slaai.

Ek dek die tafel mooi en Liz dek al wat ‘n mooi ding is wat sy in die kas kan kry.

Laatmiddag skakel die ondersoekbeampte. Die diefstalsaak is uit die hof gegooi. Daar was geen kontant of ongerymdhede betrokke nie. Die vorige maatskappy het net gebaat wat besigheid betref en die landdros kon dus geen ander uitweg sien as om die saak uit die hof te gooi nie.

Ek en Simon is verheug en ons dank ons Hemelse Vader.

Die res van die dag is egstra lekker, want geen mens kan met sulke aantygings teen jou ‘n gemaklike lewe ly nie.

Ons vriende daag op en dis ‘n heerlike aand van gesels, gelag en sommer net weer menswees.

25 November

Toe die ondersoekbeampte vroegmôre met sy assistent opdaag, bewe my hele liggaan van binne.

Simon, ondersoekbeampte en sy maatjie gaan sit by die eetkamertafel. Ek besluit om my aan die onderpunt van die tafel tuis te maak.

Ondersoekbeampte lees die verklaring en noem dat die vorige maatskappy ‘n diefstalsaak gemaak het teen Simon. Hallo?! Jy hoef dit nie so uit te spel nie, ons

weet al van hierdie saak vir die afgelope vyf maande. Wat ons egter nie weet nie, is waaroor die saak gaan, dink ek by myself.

Dit gaan toe blykbaar oor 'n tweedehandse produk wat verkoop is, ten einde 'n nuwe een aan die klient wat die tweedehandse produk verkoop het, te verkoop.

Simon gaan haal 'n skryfboek waarin hy maande gelede al die feite neergelê het. Die ondersoekbeampte stel voor dat hy 'n afskrif maak van sy geskeewe verklaring.

“O nee, hulle kan wragtig nie daardie geskrewe stuk van Simon gebruik nie, want geen mens kan Simon se handskrif uitmaak nie, wat nog te sê van die landdros wat uitsluitel oor die saak moet gee,” dink ek.

Ek spring op en stel voor dat ek die hele verklaring op die rekenaar uittik. Ek nommer elke handeling wat plaasgevind het, presies sodat daar geen ruimte vir onduidelikheid is nie. Simon lees en ek tik.

Toe ons die getikte en getekende verklaring aan die ondersoekbeampte oorhandig, lees hy dit deur. Hy skud sy kop.

“Meneer, hierdie verklaring gaan nou hof toe vir die landdros om te besluit of hulle aangaan met die saak al dan nie,” sê hy. En met dié staan hy en sy assistent op en vertrek.

24 November

Ek reël dat ek vroegoggend gou kan wegglip om vir Kobus te kry vir koffie. Dis moeilik om hierdie eens trotse, regop man te assosieer met die hangskouer, moeë Kobus wat ek by die koffiewinkel ontmoet. Hy is reeds daar toe ek arriveer. Langs hom staan 'n leë koppie, yskoud.

“Hoe gaan dit met jou?” vra ek toe ek gaan sit. “Tallie, ek is desperaat vir werk. Ek is wit, in my middeljare en oorgekwalifiseer.”

“Hoe weet jy dit?” vra ek. “Van die ondernemings waar ek aansoek gedoen het, het dit duidelik laat blyk.”

“Julle sal moet aanpassings maak, Kobus” sê ek. “Verkoop julle motors en koop goedkoper motors.”

“Ons kan nie, ons skuld is te hoog op beide motors,” antwoord hy moeg.

“Wat van die huis? Kan julle nie die huis verkoop nie?” probeer ek weer.

“Ek was by die huisagente, die huismark is steeds doodstil, veral in luukse huise. Daar is net geen navraag nie,” antwoord hy.

“Hemel, Kobus, julle sal iets moet doen! Kan Sonja nie weer gaan skoolhou nie?” probeer ek oplossings kry.

“Nee, sy wil juis nou by die huis wees vir klein Kobus,” kom die eerlike antwoord.

“Daar hang 'n klomp skilderye in die huis wat Sonja gevef het. Dit is waarmee sy haar bedags besig hou, om te probeer *cope* met die situasie,” vertel hy.

“Ah, ek het 'n goeie plan, laat sy 'n uitstalling hou by die een of ander *venue*,”

probeer ek weer planne beraam vir hulle. Hy steek egter vas, hy moet werk kry, so al asof al hulle probleme dan opgelos sal wees. Hy is reeds 9 maande sonder werk. Selfs al kry hy môre werk sal die finansiële agterstand nie onmiddellik uitgewis wees nie. Verstaan hulle dit nie?

Ons drink koffie en ek nie aanvaar dat hier die hooggeleerde vriend van ons nie kan insien dat hulle enigste uitweg is om onmiddellik te begin afskaal nie. Hy erken teenoor my dat Sonja steeds die front voorhou as die suksesvolle, finansiële-onafhanklike familie.

Wanneer wil hulle wakkerskrik? Wanneer die balju aan die deur kom klop en die huis terugneem, die motor of dan nou motors?

Almal besef daar is 'n resessie wêreldwyd aan die gang. Mense doen enige iets om te oorleef. Ek hoor vanoggend oor die nuus dat reeds 750 000 mense hulle werk, net in Suid Afrika verloor het. Vermenigvuldig dit met 4 vir die persone by die huis en die bedrag kom op 'n aardige getal te staande. Dit is die hoeveelheid mense wat direk affekteer word wanneer broodwinners afbetaal word.

Ek het op hierdie stadium eintlik min simpatie met enige iemand wat nie bereid is om aan te pas by hulle nuwe, gedwonge omstandighede nie. Dit is nie lekker om die aanpassings te maak nie, maar dit kan gedoen word. En as ek terugkyk na ons eie situasie van die afgelope 4 maande, het ons dit oorleef en sterker, ja, baie sterker anderkant uitgekom.

Simon kry 'n inbetaling van 'n produk wat hy verkoop het. Ek is oorstelp van vreugde.

“Simon, ons het nou so gewoon geraak om met min klaar te kom. Kom ons sit die geld weg vir wanneer ons dit nodig kry,” deel ek Simon opgewonde mee.

“Jy is reg my vrou, hou dit eenkant. Ek stem saam dat ons dit nie moet gebruik nie.”

23 November

Dis 'n wonderlike sonskyndag. Simon is heeldag op die telefoon besig.

Ek laat sak my kop en probeer verlede week se werk inhaal.

Ons kry twee slegte tydings. 'n Goeie vriend van ons het gistermiddag verongeluk. 'n Ander vriend van ons was ook gistermiddag in 'n baie slegte motorongeluk, hy lê kritiek in die hospitaal. Hy is in 'n koma.

Ek dink aan wat met ons gebeur het die afgelope paar maande, en weereens besef ek dat ons net vir vandag moet leef. Dat gister en môre nie saakmaak nie. Elke dag sal vir homself sorg.

'n Jarelange vriend, Kobus, skakel my. Hy het vroeër 'n baie senior-pos bekleed. Hy het ook sy werk verloor. Die verskil tussen hulle en ons is egter dat hulle nie bereid is om aanpassings te maak nie. Hy ry nog steeds sy duur Duitse motor, en vroulied sit ook by die huis en is meer bekommerd oor wat die bure en familie sê as wat sy

bereid is om te vergeet van die duur privaatskool wat “Boetie” in is. Die kind is nog nie in die laerskool nie, nog net in voorskool, maar baie geld word maandeliks aan duur privaat onderrig spandeer.

Vroulief ry met ‘n nuwe sportmotor en wil niks weet van die bankbalans wat al leër raak nie. Dit voel asof sy haar kop in ‘n gat steek soos ‘n volstruis, en hoop dat alles sal weggaan.

Hy wil hê ons moet more gaan koffiedrink. Ek bespreek dit met Simon. “Ek het regtig nie krag vir ander mense se probleme nie, gaan jy maar,” wikkkel hy hom uit die koffie-afspraak.

“Goed, ek sal gaan,” antwoord ek.

Ons gaan stap ‘n lang ent na aandete. Dis nodig en ons gesels vir ‘n slag lekker.

22 November

Dis Sondagoggend en heerlik buite. Geen wind, wat wonderlik is.

“Kom ons ry uit Franschhoek toe en gaan loop bietjie rond,” nooi ek Simon. “Nee, kom ons ry liever Worcester toe,” antwoord hy my.

“Hoekom moet jy altyd dwarsneuk?” vra ek vies. En die volgende oomblik pak ek af.

“Waar kry jy geld om so te drink,” vra ek, en waarom drink jy so baie, gaan ek aan.

“Ag los dit tog, dis verby,” antwoord hy my.

“Nee, ek gaan nie stilbly nie, want ek kan sien ons is besig om uitmekaar te dryf.”

“Hoekom slaap jy op die bank? Al wat jy doen is TV-kyk. Jy gaan regtig nie besigheid kry terwyl jy op jou rug op die bank lê nie.”

“Daar kom volgende week geld in,” antwoord hy. “Ja, en die week daarna en die week daarna en honderde weke daarna!” gil ek op hom.

Ek gaan stap laatmiddag langs die see. Dis warm en die strand is vol mense wat in die son lê en bruinword.

Simon is die vriendelikheid self toe ek terugkom. “Skat, ek probeer my bes. Regtig.

Ek het net nou en dan nodig om met iemand te gesels en ek doen dit makliker met ‘n man as met jou. Ek wil nie hê jy moet verder bekommer nie, maar jy sal sien hoe my besigheid optel. Dis resessie en ek moet net aanhou bemark. Daar is baie navrae.”

21 November

Ek slaap lekker laat. Wouter, Liz en nog van hulle vriende kom tel my op om saam te gaan bergklim. “Ag vadertjie tog,” dink ek, “ek kry sommer ‘n pyn in my been.

Wanneer laas het ek gaan bergklim?”

Hulle aanvaar geen nee vir ‘n antwoord nie, en kort voor lank begin ons die berg uitklim. Dit proes, hyg en my asem jag, maar ek sit alles in en kort voor lank geniet ek die stap. Die plantegroei en uitsig is pragtig. Ek wil die natuur bewonder, maar hulle stap om by ‘n seker punt uit te kom voordat ons gaan omdraai. Wouter het

gesorg dat daar genoeg water, warmgoed, soetheid en droë sokkies in sy rugsak is.

Die dag ontvou in 'n pretdag met watervalle, singery, foto-nemery en onderlinge gespot.

Terug by die huis, vind ek vir Simon voor die TV, besig om sport te kyk.

Ek en hy begin al hoe verder van mekaar wegbeweeg. Ons geselsies is oppervlakkig en met 'n baie ordentlike "Wil jy kos hê, wil jy tee hê?" probeer ons die huis en huwelik aanmekaar hou. Simon slaap meestal op die bank en ek het die kamer vir my self. Dit is nie gesond nie, maar ek het nie meer raad vir alles bymekaar hou nie. Simon kan mos ook maar sy deel doen.

18 November

Ek het geen idee hoe laat Simon gaan slaap het nie, maar toe ek opstaan, sien ek hy slaap nog.

Ek trek die gordyne oop en maak tee. Ek loop terug na my kamer en klim in die bed. "Here, ek kan nie meer alleen hierdie wa deur die drif trek nie." Ek raak weer aan die slaap en toe ek wakker word, is Simon weg. Hopelik het hy gaan werk, hoop ek by myself.

Ek rus vir die volgende paar dae en probeer aan niks of niemand dink nie.

Binne my voel ek so dood, so onbetrokke, so gevoelloos. Dit voel asof alles net te veel raak.

Die regter het nog nie uitspraak gelewer nie, en ek probeer so positief moontlik bly, maar ek is ook net mens. Simon praat glad nie oor die uitspraak nie, hy praat eintlik nie oor die hofsaak nie. Ek vra hom ook nie.

Die CCMA-saak is ook uitgestel en ons het nog geen idee van 'n datum of uitslag nie. Van die sodanige diefstalsaak het ons tot op hierdie dag en datum nie weer 'n woord van gehoor nie. Ek begin wonder of dit nie iemand was wat op daardie stadium gek geskeer het nie. Hoeveel siek mense loop daar nie buite rond nie? Ek wonder net.

Al hierdie goed wat so in die lug hang, put my uit en ek is seker vir Simon ook.

Ek kan nie met hom praat nie, want elke opmerking of vraag kry hom op sy agterpote.

Vrydagaand kuier die Wouter en Liz by ons. Dit lag en gesels. Ek is so dankbaar vir die voorreg dat twee volwasse jongmense hulle tyd saam met ons twee vervelike mense spandeer. Vir my is dit 'n voorreg, want dit kon soveel anders gewees het. Hierdie week het daar matriekleerlinge verongeluk. Ouers wat vanaand kinderloos en hartseer sit, besig met reelings vir begrafnisse wat afgehandel moet word. Ek prys die Heer vir die voorreg en bid vir die ouers wat hulle kinders verloor het.

17 November

Vandag is ons gholfdag by die werk. Ek is vroegoggend op en maak klaar om te vertrek. Ek help met die registrasie. Teen 11-uur kan ek nie my oë oophou nie. Wat gaan aan? Ek is nooit so moeg nie. Na registrasie reël ek dat ek kan huis toe gaan. Ek sal laatmiddag weer inkom. Dit kos inspanning om by die huis uit te kom – ek is absoluut kragteloos.

Toe ek by die huis kom, maak ek 'n afspraak by ons huisdokter. Ek gaan sit in sy spreekkamer. “Dokter, ek makeer niks, ek het net geen geen krag of energie nie.” Hy ondersoek my, trek bloed, neem bloeddruk en doen alles wat 'n bekwame dokter moet doen. Hy is lus vir gesels, maar ek sê net so af en toe 'n “hmm” of “ja”. Die prognose: Uitbranding. Hy gee my 'n siekbrief vir drie dae. Ek moet rus. Ek ry laatmiddag terug na die gholfbaan want ek kan nie my kollega alleen los sonder hulp nie.

Ek is vroegaand terug by die huis, maar Simon het sy eie vermaak vir die aand gereël.

My moed sak tot in my skoene toe ek sien Jasper en Simon sit buite om die vuur, duidelik gekuier.

Ek stap verby die huis binne. Ek stort, trek my nagklere aan en klim in die bed. Ek het regtig nie lus vir een van die twee nie. Ek druk pluïesies in my ore, drink 'n slaappil en probeer aan die slaap raak.

16 November

So baie dinge het die afgelope 5 maande gebeur. Ons kon niks daarvan voorsien nie of sien aankom nie.

Ek kan aan my liggaam voel dat ek moeg is. Ek sal 16 uur 'n nag slaap as ek net kon, maar ek sleep my soggens uit die bed om te gaan werk. Ek probeer steeds positief bly, dankbaar wees.

Simon is besig met bemarking. Hy verkoop hier en daar iets. Dit is genoeg om ons deur die maand te sien. My salaris gaan vir die allerbelangrikste, huur, polisse ens. Ek is al so moeg om te hoor daar word môre of oormôre geld inbetaal. Ek probeer nie te opgewonde raak as Simon vertel van die moontlike geld wat moet inkom nie.

Maandag 9 November

Ek sit voor my rekenaar en beding planne. Ek het nog iewers 'n paar rand wat ek gespaar het en wat Simon nie van weet nie. 'n Vrou moet maar altyd ietsie iewers wegbêre vir 'n reendag.

Wel, dit lyk asof die reendag nou aangebreek het.

Ek betaal die geld oor na die prokureur. Ek wil niemand niks skuld nie, veral nie nou nie. Dit is asof mense dink jy is totaal gestroop van elke sent en hulle is tog so bang dat jy hulle iets skuld en nie kan betaal nie.

Ek voel baie beter toe ek die geld oorbetaal. Simon weet niks. Ek sal later vir hom vertel.

As daar een ding is wat ek geleer het, sit altyd ietsie iewers weg. Spaar, spaar, spaar! Dit voel soms asof ons nie kan spaar nie, maar ons kan as ons wil.

Simon het nooit enige iets gespaar nie, hy het wel vir alles betaal, maar daar was geld oor wat hy kon spaar en nie net uitgeleef het nie. Die algemene siening was dat ek nogal suinig is, maar nou kon daardie suinigheid handig te pas. Snaaks hoe die suinige ou altyd eerste is wat gekontak word wanneer die spandabelriges uit geld uithardloop?

Vra my, ek weet.

Sondag 8 November

Dit is vir 'n wonder 'n windstil dag buite. Die Suidooster het die gawe my bui van opgewek na donderweer te verander. Vanoggend mis ek my tuinvoels van die vorige huis, die lekker bome wat deur die grootste deel van die dag koelte gee. In ons nuwe huisie is een boom wat skuins lê soos die Suidooster hom met die jare beet gehad het.

Die telefoon lui net toe ons sit om tee te drink. Dis die prokureur.

Hy laat weet dat hy die advokaat se rekening deurstuur en in dieselfde asem wanneer ons hom kan betaal.

“So gou ons kan,” antwoord ek dapper.

Toe ek die telefoon neersit, smaak die tee sommer bitter. Ek kyk vir Simon, maar verwag nie eintlik dat hy met 'n oplossing voor 'n dag kan kom nie.

“Hoeveel?” is al wat hy uitkry. “R33 000,” antwoord ek sag.

“As die regter uitspreek gee in jou guns, kan jy 80% terugeis van die ander party,” probeer ek die bedrag minder laat klink.

“Tallie, jy beter 'n plan beraam,” dink ek by myself.

1 November

My skoonouers kom kuier vir die dag. Skoonma stap in met 'n groot bottel luukse badskuim en handewasmiddel van 'n bekende duur kettingwinkel. Sy sê dit is net vir my om my bietjie te bederf.

Ek is skoon oorbluf en voel sleg dat ek gedink het sy gee nie om of ek okei is of nie.

Ek het gedink dat sy net in haar seun se welstand belangstel. Hoeveel keer die afgelope paar maande het ek nie tot my skaamte besef hoe verkeerd ek baie keer was nie.

Na ete bly sy agter by die eetkamertafel, en toe alles afgedek en almal in die kombuis is, vra sy dat ek by haar kom sit. Sy vra hoe dit gaan met my.

Vir die eerste keer in my getroude lewe met Simon, voel ek asof sy regtig omgee. Sy vertel hoe hulle inkomste verminder het met die verlagende rentekoers. Hulle kom beswaarlik uit met hulle persioen. Hulle het hulle lewe lank gewerk en gespaar vir hulle oudag. En nou is dit nie genoeg nie.

Ek wens ek het baie geld gehad sodat ek hulle kon help. Ek sou so graag wou, maar ek kan nie.

Die motor is lankal buite sig, toe ek nog buite staan en agter hulle aantuur. Hulle dink daaraan om hulle huis te verkoop en 'n eenslaapkamerwoonstel te koop. As hulle mooi werk met hulle geld, sal hulle dalk finansieel versorg wees.

Ek draai om en stap die huis binne.

Donderdag 3 September

My oë is vanoggend bloedrooi toe ek opstaan. Ek voel gedreineer. Wat kan nou nog verkeerd loop?

Die prokureur kan nog steeds nie uitvind watse diefstalsaak teen Simon gemaak is nie. Hy kry nie die ondersoekbeampte in die hande nie en die stasiebevelvoerder deel die prokureur mee dat hy nie kan help nie omdat die ondersoekbeampte die lêer het. Vaderland, hoe werk die stelsel?, wonder ek by myself.

Die prokureur wat ons huis se oordrag hanteer, skakel om te laat weet dat hy nie 'n idee het wanneer die oordrag en registrasie gaan plaasvind nie. Ons kan dus nie op hierdie stadium enige huurkontrak teken of deposito's betaal vir huurplekke nie.

Ek laat weet die agent. As sy iemand in die tussentyd kry om te huur, moet sy maar die plek laat gaan. Ons kan hulle nie onbepaald aan 'n lyntjie hou nie.

Mol skakel en sê sy en Jasper kom die aand na ons toe. "Ons maak sommer 'n hoendergereg", sê sy. Mol bring hoender en ons gee pasta. Ons maak 'n heerlike hoender/pasta-gereg. Die kuier is heerlik en vir die eerste keer in 'n lang tyd is daar weer 'n vrolikheid in die huis.

Ek pluk vir Mol 'n bos lavender toe hulle oppad is om te ry.

"Skat", "ons het ons vriende nodig. Ons kan nie so onttrek dat ons niemand sien nie. Kyk hoe lekker was dit vanaand. 'n Mens voel sommer lig", deel ek my gevoelens met Simon toe ons in die bed klim.

"Jy's reg. Lekker slaap", en met dié draai hy om en begin binne 'n paar minute snork. Ek tel 'n tydskrif op en begin lees. Die slaap is weg. Ek lê wawydwakker. Maak planne, bedink hoe ons moet maak, waarheen ons moet trek. Dit maal vir ure in my kop.

Half twee staan ek op en maak vir my 'n koppie tee. Ek kan nie nou 'n slaappil drink net om te slaap nie, ek sal nie môre kan opstaan nie. Dis te laat vir 'n slaappil. Ek

gaan sit op die bank en skakel die TV aan. Ek sit en kyk tot ná 4 uur. Ek klim in die bed en raak uiteindelik aan die slaap.

Woensdag 2 September

Na 'n heerlike nag van slaap, staan ek sielsmoeg op. Ek stort, trek aan begin werk. Simon is van 3-uur vanoggend op om deur die dokumente te werk en sy weergawe neer te pen. Hy maak vir ons ontbyt en gesels oor hoe verregaande die eise van die vorige maatskappy is.

Die telefoon lui net toe ek opstaan om aan te gaan met werk. Ek hoor hoe hy vra "what money?". Ek luister egter nie verder nie, maak die kantoordeur toe en gaan aan met werk.

Toe Simon die kantoor binne-kom, sien ek daar's fout. "Die maatskappy het gister 'n diefstalsaak teen my gaan maak", se hy. "Waaat?" vra ek.

"Die ondersoekbeampte wil niks vir my sê nie, hy sê ek moet inkom na die polisiekantoor, want hulle is besig met 'n ondersoek. Ek het glo geld gesteel die dag wat ek *retrenched* is. Hoeveel, wanneer, watse geld weet ek nie," gaan Simon voort. Ek bel die prokureur en hy vra dat Simon hom kom sien.

Toe Simon ry stuur ek 'n SMS-boodskap aan ons nabye vriende en vra dat hulle vir ons bid aangesien die duiwel besig is om ons aan te val in die persoon van sy vorige werkgewer.

Beide my selfoon en werktelefoon lui gelyk. Vriendinne wat wil weet wat aangaan, waar ek is en hoe hulle kan help. Toe ek met die twee fone gelyk in my hande sit, bars 'n wal van tranes, hartseer, moedeloosheid binne my oop. Ek huil dat ek nie kan praat nie. My liggaam ruk en dit voel asof alles eensklaps net te veel word. "Jy hoef nie voor my sterk te wees nie, vriendin," praat Maré moed in. Vriendin Mol laat weet sy bel terug.

Ek sit beide fone neer en huil en huil en huil. Ek kyk in die spieël. My oë is dik opgeswel, my gesig is leweloos, my vel is vaal.

Ek trek 'n koringkorreltjie. Dit lees "Want Ek, die HERE jou God gryp jou regterhand aan, Ek wat vir jou sê: Wees nie bevrees nie, Ek help jou". Uit Jesaja 41:13.

'n Rustigheid sak oor my neer en ek weet, dis in Jesus wat ons krag lê, en Hy het die duiwel lankal oorwin.

Toe die son se laaste strale agter die horison verdwyn, sit ek en Simon buite in die tuin en gesels. Ek is gestres, hy ook, maar ek dink hy wys dit nie so maklik soos ek nie.

Dinsdag 1 September

Toe ek wakkerword, hang daar sakke onder my oë. Ek lyk sleg en voel nie juis beter nie.

“Ruk jousef reg, Tallie,” praat ek met myself terwyl die warm water van die stort oor my naak liggaam loop. Ek stort, was hare en droog my met ‘n lekker vars handdoek af. Ek smeer sesame-olie aan my lyf. Dit hou enige negatiewe energie van jou weg, het die skoonheidsdeskundige jare gelede vir my gesê. Ek het dit vir lank nie gebruik nie, maar nou het ek dit definitief nodig. Dis ‘n heerlike, reuklose olie wat in die vel intrek. Die internet sê as mens sesame-olie op jou liggaam en gesig gebruik, het jy gaan ander *cosmetics* nodig nie.

Simon is vroegmore weg om kliënte te gaan sien en nog toedraaiplastiek en kartondose te kry vir die inpakkery.

‘n Harde Klop aan die voordeur verbreek die stilte waar ek by die rekenaar sit en werk. Ek maak gewoonlik nie die deur oop gedurende die dag nie. Ek maak een van die vensters oop en vra wie daar is. “Ek is die Sheriff van die Court, Mevrou,” antwoord hy heeltemal te hard vir bure wat baie na aan mens woon.

Vinnig maak ek die voordeur oop. “Kom binne,” nooi ek beleefd, regtig nie gewoond aan ongenooide gaste soos hierdie nie.

“Ek het dokumente van die Hooggeregshof vir meneer Simon X, dit kom van sy vorige werkgever.” “Wat?” sê ek. “Hulle het die man afgelê en nou stuur hulle dokumente van die Hooggeregshof?”, vra ek meneer *Sheriff* van die Hof.

“Mevrou, ek weet nie waaroor dit gaan nie, ek doen net die aflewering. En teken sommer hier, mevrou.” Met die druk hy ‘n vel papier onder my neus in en hou ‘n afgekoude swart pen na my toe uit.

“Toemaar, ek het ‘n pen, dankie,” antwoord ek Sheriff-mannetjie.

Toe ek die deur agter hom toemaak, gaan sit ek met die lywige dokument langs die eetkamertafel.

Simon word gedagvaar om in die hof te verskyn om hom te verbied om enige besigheid in dieselfde bedryf te doen waarin hy voorheen was. Hy word geforseer om sy besigheid binne 7 dae toe te maak. Daar word ook ‘n eis van ‘n paar honderd duisend rand teen hom gemaak.

Toe Simon by die huis kom en die dokument deurgaen, lag hy. “Dit is hoe hulle met al die mense maak wat by hulle *retrenched* word. Almal word voor die hof gedaag.

Ek bel ‘n prokureur, verduidelik aan hom die situasie en vra of hy kans sien om die saak te hanteer. Hy vra dat Simon die dokumente onmiddellik na hom deurbRING sodat hy dit kan deur werk. Simon moet hom Donderdag kom sien.

Ek is vanaand moeg. Moeg vir baklei teen iets wat ek nie kan sien nie. Moeg vir hierdie aanhoudende, negatiewe magte en mense wat aanhou om ons te toets. Ek is moeg en sien nie meer kans nie. Simon is byterig en toe ek hom aanspreek daaroor, antwoord hy dat sy kalmeerpille op is. “Nou gaan kry nog d*nnerse pille. Ek kan nie nog jou buie ook hanteer nie,” gil ek op hom.

Ek maak die slaapkamerdeur toe en gaan lê op die bed. Ek hoor die telefoon binne lui en Simon wat antwoord.

‘n Ligte klop aan die deur laat my opkyk. “Dit is arbeidsprofessor, ek moet hom vrydag 10-uur sien vir die CCMA-saak van Maandag,” lig Simon my in.

Ek antwoord hom nie, laat sak net my oë en gaan aan met lees. My hele wese wil net wegkom uit hierdie situasie, maar hoe, waarheen?

Maandag 31 Augustus

Ek bel die verhuringsagent en vra of ons weer na die 2-slaapkamerhuisie kan gaan kyk. Daar is drie huisie wat teenmekaar sit. Ons stap weer deur die middelste een.

“Sjoe, dis donker,” sê ek vir Simon. “Jy moet maar besluit, my vrou,” antwoord hy.

Toe ons uitstap, sien ek dat die twee huise weerskant ook nog beskikbaar is. Ek vra of ons na die een teen die pad kan kyk. Hy is effens kleiner, maar baie sonnig.

“Ons neem hierdie een,” sê ek vir Simon. Ek skakel vir Wouter en vra dat hy ook moet kom kyk.

“Dis mooi, mamma,” sê hy.

Ons ry huis toe en maak planne hoe ons die plekkie kan mooimaak. Ek is verlig en voel sommer opgewonde oor ons nuwe blyplek. Ek kan selfs my iceberg-rose in potte saamneem en aan elke kant langs die agterdeur neersit.

Toe ons vroegeand sit en pasta eet, kyk Simon na my met ‘n moedeloosheid op sy gesig.

“Hoe het ons in hierdie resessie beland, my vrou?” vra hy.

“Ek weet nie, maar ons moet hier deurkom, dit kan regtig nie slegter gaan nie,” antwoord ek, min wetende wat nog wag.

Ek klim vroeg in die bed en lees ‘n tydskrif. Simon snork later kliphard langs my toe ek die lig afsit om te slaap. Ek rol om en om, dink en dink, ek kan nie slaap nie. Ek skakel weer die lig aan en tel die tydskrif op. Lees tot jou oë toeval, praat ek met myself. Halfdrie sit ek die lig weer af. Ek móét net slaap. Ek moet net nou opstaan vir werk.

Saterdag 29 Augustus

Ek het 'n koffie-afspraak met 'n vriendin. Ek is nie baie lus vir die afspraak nie, sal liever in die bed wil bly en my kop toetrek.

Toe Mare instap, wag ek reeds vir haar. "Ag, maar dis lekker om jou te sien," groet sy. Sy plant 'n piksoen op elke wang. Ons bestel lekker sterk moerkoffie met warm melk.

Buite is dit 'n stil saterdagoggend, met net hier en daar iemand wat op die strand stap. Die branders gaan stil hulle gang. Die seesand le spoorloos en bleek. Dit lyk rustig.

'n Boemelaar krap in een van die blou dromme teen die lammaal. Sy winkeltrillie staan langs hom, volgepak met kartonne en komberse. Vir 'n oomblik wonder ek wat sy verhaal is.

Mare is haar borrelende self. "Tallie," sê sy, "ons moet 'n spaarplan uitwerk, want volgende jaar gaan ek en jy Italië toe."

"Met geld wat ons waar kry?" vra ek. "Ons gaan elke maand geld wegsit, en volgende jaar September-Oktober gaan ons. Jy moet dit net glo!" "Nou goed, werk jy die begroting, vliegkoste en akkommodasie uit, dan laat weet jy my hoeveel ons moet spaar," antwoord ek.

Ek vertel haar van die woonplekke wat ons gaan kyk het. "Julle kan enige tyd meubels in my garage stoor. Vra net vir Simon om 'n behoorlike slot op die deur te sit. Daar is genoeg plek vir baie goed."

Ons gesels oor haar personeelagentskap, haar kinders, my werk, Simon se werk wat hy op die been probeer bring, sukkel en aanpassings. "Hierdie goed is net tydelik," sê sy. "Jy lyk goed soos altyd," gaan sy voort. "Regtig? Ek voel nie soos 'n blom nie," antwoord ek. "Dis niks," jy moet saam met my begin stap, nooi sy my.

Toe ek huis toe ry, besef ek net weer hoe belangrik vriendinne in my lewe is. 'n Mens moet bietjie uitkom en met ander mense ook gesels. Dit gee jou net weer 'n perspektief en ander uitkyk op dinge. Ek is te geneig om heeltemal terug te trek as dinge om my te veel word.

Ek stop by die supermark en besluit om my geduldige kredietkaart in te span vir kruideniersware. Hoender is teen 'n spesiale prys beskikbaar, brood se prys is ook 40c af en die *no name* melk se prys lyk ook nie te sleg nie. Ek koop geen luukses nie, net die nodigste. Ek troos my met die wete dat ek my kredietkaart vir koskoop ingespan het, en nie onnodige goed nie.

By die huis aangekom, wag Simon my met 'n glimlag in. "Ek is bly jy is terug. Ek het jou gemis," sê hy.

Hy pak die pakke hoender, brood en melk in die vrieskas. Hoekom voel mens altyd beter as daar kos in die huis is?

Vroegaand steek Simon 'n vuurtjie aan. Ons sit buite en gesels tot laatnag. Dit is een van die positiewe dinge wat ons nooit voorheen gedoen het nie. Ons is nou so aangewese op mekaar dat ons vir ure lank kan gesels. Ons maak planne, debater oor sekere goed. Ek is op die onmiddellike ingestel. Die woonplek wat ons moet kry, presies hoeveel geld ons het om mee te werk, die inpak van die meubels. Simon aan die ander kant fokus op sy besigheid wat aan die gang moet kom, sy "specials" vir die nuwe maand, sy voertuig wat hy moet kry sodra die huis se geld deurkom. Ek besef net weereens hoe verskillend mans en vrouens dink wat hoe prioriteite verskil. Nie een is verkeerd nie, dis net verskillend.

Ek stel voor ons neem die huisie met 2 slaapkamers, maar groot genoeg dat feitlik al ons meubels daarin sal pas. Ons kan dit bekostig met net my salaris. "Kom ons huur vir die volgende twee jaar, kom deur hierdie resessie en beweeg dan aan. Al die geld wat jy ekstra maak, spaar ons," maak ek planne. "Dis reg, bel die mense môre en se ons neem die plek met die spaarkamer sonder vensters."

Vrydag 28 Augustus

Dis 'n pragtige sonskyndag en die voëls sing verbete buite. Ek merk die roosbome is besig om te begin uitloop. Is dit nie te vroeg nie, wonder ek. Die lavender staan trots geklee in hul pers jassies. Die een probeer mooier as die ander lyk.

Ons gaan kyk na huurplekke. 'n Lekker groot woonstel teenaan die see. Toe die verhuringsagent die deur oopsluit, sak my moed in my skoene. Die plek is heerlik ruim, maar so vuil dat ek regtig nie ons meubels daarin gaan sit nie. Die kombuis en badkamer dateer uit die veertiger jare. Dit lyk asof die eienaar 14 jaar gelede laas kom kyk het hoe die plek lyk. Die matte teenaan die vensters is uitgerafel en vol watermerke.

Die tweede plek is ver van alles, maar toegerus met vloerteëls, ongeveer twee jaar oud en heerlik vol sonskyn. Daar is egter geen plek vir ons eetkamertafel, 'n wasmasjien of skottelgoedwasser nie.

"Kom ons praat eers voordat ons net vir die plek teken," sê ek vir Simon. Ons klim in die motor en ry in stilte huis toe.

My kop is sat gedink. Dink dink dink! Dit maak my deurmekaar. Ek weet nie wat die beste is nie. Ek weet nie waar ons moet woon nie. Oral is positiewe en baie negatiewe dinge. Ek begin wonder of die verkoop van ons huis so 'n goeie idee was. Ons is aan die einde van nog 'n week en daar kom steeds geen geld in van Simon se besigheid nie.

"Jy moet ophou stres," sê Simon.

"Alles gaan regkom, jy sal sien."

“O,” antwoord ek, “jy is seker reg.”

Ek klim vroeg in die bed, neem 'n boek en lees tot my oë uiteindelik toegaan.

Donderdag 27 Augustus

Dit was vandag besig in my werk. Simon se foon lui aanmekaar. Ek hoor hy praat van masjiene waarvan ek niks weet nie. Ek maak my kantoor deur toe en gaan aan met werk.

Laatoggend skakel die verkoopsagent. Ons huis se registrasie vir die verkoop sal teen 15 September deur wees. Die nuwe eienaar van ons huis is reeds uit haar huis en wag net om in te trek.

“Ag Vader, hoekom het ons nie hierdie oproep twee dae gelede gekry nie, dan kon ons ten minste die huis met die mooi uitsig oor die see gekry het.” Nou is dit te laat. Die nuwe huurders is reeds besig om in te trek.

Ons skakel die verhuringsagent en vra wat sy beskikbaar het. Sy gee vir ons heelwat plekke om na te gaan kyk.

Dit is woonstelle wat op die 6de of 4de verdieping is. Geen motorhuis of braaiplek nie. Die plekke is klein en ons is moedeloos. Ons gaan kyk na een of twee huis. Ou donker plekke. Ek kry somer 'n beklemming binne my.

“Nee,” sê ek, “ek gaan nie daar bly nie.”

Ons ry terug huis toe, maar praat niks. Die huurplekke is duur, dan nog water betaal en die tuin versorg. Om die tuin te versorg is nie goedkoop nie.

Ons moet op hierdie stadium werk op my salaris en dis heelwat minder as wat ons gesamenlike salaris was.

Toe ons by die huis kom, begin ek kosmaak. Daar is min kos om van te kies. 'n Pakkie hoenderborsies, soetpepers, brokkoli en uie. Hoekom raak alles gelyk op as jy nie geld het nie? Ek gebruik die laaste olyfolie, avocado-olyfolie en sojasous vir die roerbraai. Ek herrangskik die koskas sodat dit voller lyk. Net net vir ingeval ons mense kry en hulle sien ons koskas. Ons eet heerlik aan die hoender-roerbraai.

Ek het vanoggend 'n lys gemaak van alles waarvoor ek dankbaar kan wees en 'n lysie langsaan waarvoor ek nie dankbaar is nie. My dankbaarlysie het 54 items gehad om voor dankie te se. My nie-dankbaarlysie het niks opgehad nie. Dit is eers wanneer jy dinge begin neerskry en sien waarmee jy kan werk, dat jy beseef hoe benard jou situasie is of nie.

Ek voel beter na my lysie.

“Tallie, jy het baie om voor dankbaar te wees,” dink ek.

Laataand sit ek en Simon voor die TV. “Ons moet die plekkie langs die spoorlyn neem,” sê ek.

“Dis te klein,” antwoord Simon.

“Ons moet nou werk om die minimum inkomste, Simon,” sê ek. “As ons langs die spoorlyn gaan bly, is dit baie meer bekostigbaar, ons kan kos koop en miskien ‘n paar rand wegsit, totdat jou besigheid op die been is. Ons is nie mense wat in woonstelle op 4de en 6de vloere kan bly nie. Wat gaan ons doen as ons ‘n vuurtjie wil aansteek? Ons kan dit nie op ‘n woonstelbalkon doen nie,” teem ek voort.

“Jy sal sien my besigheid gaan goeddoen,” antwoord hy selfversekerd. “Ek weet, maar ons moet aan nou dink,” sê ek. “Sodra die geld van die huis deurkom, moet ons vir jou ‘n goedkoop motortjie koop, ek gaan binnekort vir ‘n week weg met besigheid en dan het jy geen vervoer nie,” antwoord ek.

Net voor slaaptyd maak Simon vir hom ‘n roosterboodjie.

“Weet jy, skat, dis die eerste keer in ons getroude lewe dat ek ‘n toebroodjie maak sonder botter.”

Ek antwoord hom nie. Neem hy my kwalik dat daar nie smeergoed in die yskas is nie? Ek weet nie, maar wil ook nie vra nie. Bly net stil en sê niks, dink ek by myself.

“Jy besef natuurlik dat ons nie al ons meubels in die treinspoorhuis gaan kry nie,” deel Simon my mee. “Ek weet, maar ons kan die rooshout-eetkamerstel by my baas stoor. Hy is nie lank gelede nie deur ‘n egskeiding en sy huis het heelwat plek,” antwoord ek moeg. Ek is moeg, want ek is moeg van planne maak, moeg van stilbly, moeg van wonder waar die volgende geld vandaan kom, moeg van die blinkkant bo hou, moeg van vir Simon motiveer, moeg van vir vriendinne sê dat ek hulle nie vir ontbyt kan ontmoet nie. Moeg!

Simon is baie optimisties, gefokus en probeer sy bes. Ongelukkig meet ek sy sukses aan die geld wat hy inbring en daar is niks.

Ons baklei of stry nie, dis verskriklik beskaafd tussen ons. Ons voel nader aan mekaar as voorheen, ons voel aangewese op mekaar. Ek weet net nie aldag of hy besef hoe moeg ek binne my is nie. Ek kan dit egter nie waag om vir hom te sê nie.

Woensdag 26 Augustus

Vandag is dit salarisdag vir my. Ek kontak die tandarts en vertel hom wat met Simon se werk gebeur het en dat ek nie maandeliks meer so baie kan betaal nie, maar net ‘n derde wat ek moet betaal. Ons was nog altyd goeie betalers. Hy verstaan en is nie snaaks nie.

Ek betaal alles, behalwe die korttermynversekering en polisse. Dit gaan eers op die eerste van volgende maand af. Ek het nie geld daarvoor nie, maar ek kan dit darem met die huurders se huurgeld betaal. Ek het nie geld vir kos die maand sonder om iewers oortrokke te gaan nie. Ek betaal my tiende oor aan die kerk, en ek vertrou.

Daar is slegs een plek in die Bybel wat die Here sê “Vertrou my.” In Maleagi 3:8-11. In Vers 10 sê die Here: “Bring die volle tiende na die voorraadkamer toe sodat daar iets te ete in my huis kan wees, en toets My hierin, sê die Here die Almagtige.

Toets my of Ek nie die vensters vandie hemel vir julle sal oopmaak en vir julle reen sal uitgiet, meer as wat julle kan gebruik nie.”

Baie mense kan dit lees in die konteks wat hulle dit wil lees. Vir my werk dit om my tiende vir die kerk te gee, wat hulle daarmee maak, is hulle saak. Ek gee dit vir baie lank al vir die huis van die Here en Hy het my nog nooit in die steek gelaat nie.

Ek vertrou dus hierdie maand ook op die Here se goedheid.

Ek is moeg vanaand. Ek weet nie hoekom nie, want ek het net my gewone dagtaak verrig. Simon het vandag kliënte gaan sien en sy produkte gaan wys. Twee kliënte stel baie belang. Daar is 'n moontlikheid dat een vervaardigingsprodukt verkoop is. Ek raak nie meer opgewonde nie.

Dinsdag 25 Augustus

Ons het die huis met die mooi uitsig verloor omdat ons nie die 1ste September kon intrek nie. Ons huis se koop is nog nie deur nie, dus kon ons ons nie verbind vanaf 1 September nie. Simon is baie teleurgesteld. Ek is spyt, maar rustig.

Mia skakel uit Amerika en laat weet sy is swanger. Soos enige ma met 'n streng Calvinistiese opvoeding steek ek vir haar 'n lang preek af. “Mamma, ek is so opgewonde, ek wil so graag 'n kindjie van my eie hê. Phil is net so so opgewonde.”

Ek ruk myself reg.

“Ek is bly, Mia, maar jy weet, as ma mag ek vir jou preek, niemand anders nie.”

“Ek weet,” sê sy, “en ek weet ook dat mamma baie lief is vir my.”

“Ek wil hê julle moet hierheen kom as ek volgende jaar die baba kry,” babbel sy voort asof sy my nie eens gehoor preek het nie.

Toe ek die telefoon neersit, besef ek was bietjie hard met haar. Sy het ongeveer 3 jaar gelede servekskanker gehad. Na behandeling het dit weer opgeduik en na die twee keer van sny, het die dokters aangedui dat die kans skraal is dat sy ooit kinders kan hê.

Ek stuur vir haar 'n sms wat lees “Mia, ek is so bly vir julle. Skuus dat ek gepreek het, maar dit was net skok. Ek is baie opgewonde en kan nie wag vir die kleinding nie. Liefde Mamma.”

Simon is baie opgewonde. Hy wil net hê dit moet 'n vet, mollige seuntjie wees wat hy mee kan speel en alles wat lekker is, voer.

Simon werk kliphard aan sy besigheid. Die fone lui, maar daar is geen geld wat realiseer nie.

Ek werk my begroting weer 'n keer uit. Die bedrag bly dieselfde.

Wouter kom vol opgewondenheid by die huis aan. Hy straal.

“Mamma, ek is vas aangestel én ek het 'n verhoging gekry!”

Hy is uit sy vel. Ek en Simon is albei só bly vir hom. Ons druk en soen hom.

Maandag 24 Augustus

Simon is van vroegoggend al besig met sy September-*specials*. Hy faks, bel en verkoop, maar daar is steeds geen kopers nie. Dit gaan so sleg in die bedryf dat besigheidseienaars van hulle produkte na Simon faks om te verkoop.

Laatmiddag bel Mol. Sy vra of sy haar ma se juweliersware kan bring. Miskien het ek iets wat die juweliersware kan skoonmaak na die brand gister.

Ek haal my juweliersskoonmaakmiddel uit en sit alles reg vir wanneer sy later kom. Buite haal ek die skoon beddegoed van die draad af. Dit ruik heerlik na son. Om die een of ander rede het ek van kleintyd die gewoonte om aan skoon wasgoed te ruik wat in die son gehang het. Simon lag altyd as hy sien hoe ek die son in die wasgoed ruik.

Toe Mol vroegaand by ons aankom, haal sy die wit roomysbak met swart gebrande juwele uit. Ek sê niks, want soms hoef mens niks te sê nie.

Gewapen met 'n tandeborsel, warm seepwater, juwele skoonmaakmiddel en 'n ligte skuurdertjie, pak ons die werk aan. Dit sukkel. Van die silwer het in die juwele ingesmelt en dis bykans onmoontlik om dit af te kry sonder om dit af te breek. Die goud is pikswart en ons moet 'n fyn fyltjie gebruik om net van die swart af te kry. Die diamante is pikswart. Die opaal en pêrels het heeltemal stukkend gebrand.

“Tallie, help my dat ons net een ring vir haar kan red,” vra Mol. Uit pure moedeloosheid het ons later die blik oondskoonmaakmiddel beet.

Dis drie ure later en ek onthou van die beddens wat ek nog moet gaan oortrek.

“Gaan jy solank aan, ek gaan net gou die beddens oortrek,” sê ek vir Mol.

Ek maak die linnekas oop en besef dat ek reeds al die skoon linne ingepak het. Ek krap in die boks en kom op 'n pak wit pragtig geborduurde Egiptiese linne af wat nog splinternuut verpak is in die plastiek.

Ek gaan wys vir Mol. “Is dit nie mooi nie?” vra ek.

“Gaan jy dit oortrek?” vra sy.

“Nee, ek bêre dit,” antwoord ek.

“Vir wie en wat? Vir die vuur om dit te verbrand?” vra sy kwaai.

Ek draai om en haal die plastiek af. Sy's reg, waarvoor bêre ek dit? Waarvoor bêre ons baie dinge? Vir wie, vir wat? Ek weet nie. Mens word mos maar so grootgemaak. Alles wat kosbaar is, bêre jy. Selfs my Royal Albert teestel bêre ek vir my meisiekind. Gebruik dit nooit, want net nou beskadig dit. Kan ons nie maar meer goed geniet nie? My linne, my parfuum wat ek so suinig gebruik, my wit breekgoed, my kelims, my Vader Claerhout-skilderye. Wat daarvan as ek dit gebruik en dit word beskadig of dalk nooit? Dit is mos myne. Ek het lank gespaar en nou? Nou bêre ek dit. Ons raak verknog aan ons aardse goedjies en verloor dit waarop ons fokus eintlik moet wees.

Ons is so geneig om te beplan. Vir eendag. En eendag kom dalk nooit en dan gebruik iemand anders jou “bere-goed” en waardeer dit nie eens soos jy sou nie. Hoekom beskerm ons nie ons kinders, ons anderhelftes, ons vriende en onself soos ons ons wêreldse goedjies beskerm nie? Ons meet mense aan wat hulle het. Ons plaas die wat baie het op klein verhogies. Tree anders op as hulle in ons geselskap is. Hulle beïndruk ons met hulle teenwoordigheid. “O, ons het gisteraand by so en so gaan eet, en weet jy wie loop ek vandag raak? So en so het mos verskriklik baie geld, jy moet hulle huis sien, en hulle meubels!” Bla-bla.

Ek raak skaam vir myself, want ek weet ek is ook so. Is dit nie hoekom die Here ons soms deur die “olyfpeers” moet druk sodat ons kan suiwer word vir Sy Koninkryk, en nie vir die wêreld nie?

Sondag 23 Augustus

Toe ons vanoggend wakker word, is daar geen teken van enige elektrisiteit in die huis nie. Jaarlikse instandhoudingswerk word glo gedoen. Al die omliggende dorpe se krag is ook af.

Ek kry Amanda se lysie van benodigdhede en ek en Simon ry rustig deur die stil strate *mall* toe. Die paaie is stil, die verkeersligte werk nie en hier en daar is iemand besig om sy hond vir ‘n stappie te neem.

By die *mall* is dit baie stil. Dit voel en lyk glad nie soos ‘n Sondag nie. Gewoonlik is die plek so besig, ‘n mens probeer dit doelbewus vermy. Dit is net voor middag en van die winkels het geen klante nie.

“Hoe betaal die mense hulle huur?” vra ek. Selfs in ‘n groot bekende klerewinkel, wat van kinderklere tot linne verkoop, is daar feitlik nie klante nie. By die betaaltoonbank is net een kassier agter die toonbank. Ons is die enigste mense wat in die ry staan, niemand voor of agter ons nie. Gewoonlik staan mense in lang rye om te betaal.

“Kom ek skiet jou vir ‘n koffie,” nooi ek Simon.

“Tallie, daar is nie geld vir sulke goed nie,” antwoord hy my sag.

“Ek weet, maar een koffie. Ag toe,” kerm ek.

“Nou maar goed.”

Ons bestel elkeen ‘n koeldrank. Selfs die koffiekroeg is leeg.

Hierdie is my gunsteling plek om ietsie te kom eet as ek in die *Mall* is. Die dekor is pragtig en die plek laat mens net altyd goed voel. Elkeen van ons teug stadig aan ons strooitjie, sodat die koeldrank tog net nie gou moet opraak nie. Ons gesels en daar is selfs ‘n Sondagkoerant om te lees.

Die eienares is bekend vir haar stylvolle interior, altyd ‘n groot bos vars blomme, nagemaakte kristalkandelare, pragtige ryk paisley-oorgetrekte stoele en spoggerig opgediende, gesonde middagetes.

Vandag staan die glasblompot op sy gewone plek, maar die bosse vars blomme het plek gemaak vir 7 stingeltjies St Joseph's Lelies. Ek sê niks, maar ek weet.

Oppad huis toe, bel Mol my.

"Tallie, my ma se huis het vanoggend tot op die grond afgebrand. Sy is veilig, maar het niks oor nie. Die brand het alles verwoes." Simon maak 'n u-draai en haas na die tannie se huis. Alles is reeds uitgedra wat gered kon word, maar dit is maar bittermin. Die huis lyk soos 'n swart gebrande geraamte. Koud, swart, vuil en leeg.

Met die krag wat vanoggend af was, het die Tannie 'n kers aangesteek, badkamer toe gegaan en die kers het om die een of ander onverklaarbare rede omgeval en die plek aan die brand gestee. Sy is 'n afgetrede oud-onderwyseres en leef van haar pensioen. Die huis huur sy al vir baie jare van die eienaar.

Dis verskriklik en my hart krimp ineen.

Ons ry huis toe en praat nie veel nie.

Na middagete, neem ek 'n boek en gaan lê in Wouter se kamer op die bed. Sy kamer kry die lekkerste son in die winter en is my geliefde plek as ek die wintersonnetjie opsoek.

Ek raak aan die slaap en toe ek wakkerword, weet ek wat ek moet doen.

Ek bel vir Mol en vra of hulle almal okei is. "Ja," antwoord sy. "Ons is hier by my broer. Hy en sy vrou het vir ons almal kos gemaak en ons sit sommer hier by my ma en gesels."

"Wat het sy nodig?" vra ek.

"Tallie, sy het geen klere nie, niks nie. Nie onderklere, nagklere, sy het niks."

"Ek gaan vir jou geld oorbetaal, dan kan jy kyk om vir haar iets te koop. 'n Bloes en 'n langbroek miskien. Of 'n trui, jy moet maar kyk", sê ek.

"Dankie Tallie, julle is klaar in die moeilikheid, en dan is jy nog bereid om te help. Hou aan, praat met my ma." En met die gee sy die foon vir haar ma. Die tannie is verwese toe sy praat, sy klink moeg.

"Tallie, daar is niks oor nie. Baie dankie dat jy help, die Here gaan jou seën."

Ek groet en sit die telefoon neer.

Toe ek op my internetbankrekening gaan, sien ek my spaarplan se geld is in my rekening betaal. Ek kan my oë nie glo nie. Ek betaal 'n paar honderd rand in Mol se rekening vir haar ma vir klere, maak my kredietkaart en tjekrekening skoon en het nog geld in my spaarrekening oor. Ek kan ook geld uithou vir die deposito van die huurhuis wat ons gaan kyk het, en hoop om te kry. Vir die eerste keer in 'n lang tyd besef ek die Here neem Sy tyd, maar Hy is nooit laat nie. Ek voel skaam. Hoe kón ek in die Here getwyfel het?

Ek gaan slaap met 'n lied in my hart.

Saterdag 22 Augustus

Dis 'n heerlike sonskyndag, maar ek is nie lus vir buite wees nie. Simon is in die motorhuis besig, ek was wasgoed, tel 'n tydskrif op en lees.

'n Resepteboekie val uit die tydskrif.

“Mmmm,” dink ek, “hier is seker lekker idees vir ressesie-etes.” Ek blaai deur die boekie en vervies my sommer. Calamari, baba-mozzarella en dolmades. Wingerdblare is die laaste ding wat ek nou aan dink vir ete, in elk geval is dit nou winter, waar kry mens nou wingerdblare?

Dukka, soesjirys, wasabi-kaviaar? Ek kan nie glo wat ek lees nie. Is hierdie mense in voeling met hul lesers, of is ek die enigste leser wat voel dat hulle my wil indoen?

My buurvrou Amanda is al 'n ouerige dame. Sy was verlede week vir haar jaarlikse doktersondersoek toe daar op 'n bloedklont in haar long afgekom word. Sy moet Maandag hospitaal toe gaan en vra of dit moontlik is dat Simon haar kan neem. Sy benodig nagklere en badkamergoedjies van die Mall en ek bied aan om dit vir haar môre te gaan kry. My vriendin Mol skakel en hoor of ons nie saam met hulle die rugby tussen twee bekende hoërskole wil gaan kyk nie. “Nee,” antwoord Simon, “ons gaan rustig die rugby op TV kyk. Daar is 'n groot provinsiale wedstryd wat op Nuweland afspeel.”

Ons het regtig nie geld om iewers heen te gaan nie.

Vrydag 21 Augustus

Ek is vroegoggend oppad na 'n vergadering. Skielik lyk niks in my kas na iets om aan te trek nie. Ek trek een van my getroue swart nommertjies aan. Swart Langbroek, swart trui, swart stewels. Ek het lankal besef dat daar niks met swart kan verkeerd gaan nie. 'n Mooi stringetjie pêrels, 'n spuitjie duur parfuum (dank die Here ek het vir my lekker parfuum gekoop op uitverkoop net voordat een van die duur modewinkels sy knie moes buig voor die resessie). Daar is niks wat 'n vrou so ryk laat voel soos 'n lekker duur parfuum nie. Jou klere mag maar oud wees, maar as jy lekker ruik, maak dit op vir baie.

Toe ek laatmiddag terugry kantoor toe, stop ek by my haarkapper en vra of sy nie net gou my hare se punte kan knip nie. “Moenie was nie, dis seker 'n uur gelede gewas,” lieg ek. “Knip net vinnig, sommer droog”, sê ek met 'n innemende glimlag.

“Is julle besigheid ook af”, vra ek die haarkapper.

“Nee”, sê sy, “vrouens krap altyd 'n geldjie iewers uit om hulle mooi te maak. Daar is 'n hele paar van my ouer kliënte wat oorsee gaan om iemand op te pas. 'n Bejaarde of 'n siek persoon. Die geld is goed,” sê sy.

“Moet mens opleiding he vir so iets?” vra ek.

“Nee, jy moet net lief wees vir oumense en hulle kan versorg met liefde.” Dis ‘n opsie as ek my werk verloor, dink ek.

Simon is besig is die motorhuis toe ek by die huis aankom. Wouter het gisteraand ‘n bootmasjien by die huis aangebring en Simon is besig om dit te diens.

Ek skakel vir Wouter en hoor of hy vanaand by ons eet en of hy by Liz eet. “Het mamma die masjien gesien wat ek vir pa gebring het?” vra hy.

“Ja, ek het gesien, maar waarvoor is dit?”

“Ek het gedink dit sal hom goeddoen om besig te bly met iets waarvan hy hou,” antwoord Wouter.

“Ek het my laaste R300 uit my bankrekening getrek,” lig Simon my in. “Ek het ‘n kans gevat by die bankteller en ek kon R300 trek. Ek het hout, blits, brood en kaas gekoop.”

Vrydagaande is my en Simon se geselsaand. Hy steek die vuurtjie buite aan en ek gaan sit by hom.

“Hoe voel jy?” vra ek hom.

“Vrou, as ek nie iemand gehad het wat by my staan nie, kan geen man hierdeur kom nie. Ek is positief. Ek weet my besigheid gaan van die grond af kom. Ek praat elke dag met die Here en ek weet Hy gaan ons hierdeur help. Ek weet dit net. As my besigheid in hierdie resessie kan werk, gaan ons baie voorspoedig wees as die resessie verby is.”

Ek antwoord hom nie. Ek is bly hy is so positief. Ek deel egter nie daarin nie. Hier is ‘n einde van die maand wat aankom en ek sal moet sorg dat alles betaal word. Ons was nog altyd getroue betalers, en ek wil nie hê ons moet nou “nie kan betaal nie”.

As my spaargeld uitbetaal kan ek ten minste my kredietkaart skoonmaak en nog ‘n paar gate toestop. Gate wat net al hoe dieper word.

Wouter en Liz kom maak vroeg aand ‘n draai. Ek kan sien sy is ontsteld. “Praat met my,” sê ek. Uit die gesprek kom die uit dat Liz se ma deur dieselfde emosies gaan as wat Simon gegaan het toe hy sy werk verloor het. Liz sukkel om daarmee te *cope*. Sy is bekommerd dat hulle nie hulle rekeninge sal kan betaal nie, sy is bekommerd dat die besigheid wat haar ma van die huis af doen, nie vinnig genoeg geld sal genereer nie. Sy is bekommerd oor haar ma. Sy kry haar ma jammer, sy probeer help maar is total aangewese op haar ma se buie of dan, wat Liz sien as ‘n bui of uitbarsting.

“Stop,” sê ek vir haar. “Jy kan onder geen omstandighede vir jou ma verantwoordelik voel nie. Sy sal dit nie wil hê nie, en jy is ‘n matriekdogter. Konsentreer op jou studies. Jy is ‘n A-kandidaat, jy kan nie nou toelaat dat jy op goed fokus waaroor jy geen beheer het nie.”

“Ek het nou met oom Simon se *retrenchment* deur dieselfde emosies as jy gegaan, maar ek het besef daar is niks wat ek kan doen wat hom gaan laat beter voel nie of kon help nie. Hy moes self deur al die vlakke van emosies werk. Ek weet dit is verskriklik, maar probeer jou nie steur aan dinge wat sy kwytraak of sê nie. Sy bedoel niks daarby nie.”

Toe Wouter ry om vir Liz huis toe te neem, roep ek haar eenkant en haal vir haar maalvleis, hoender, gevriesde groente en aartappels uit om saam te neem huis toe. Simon sien ongelukkig die sak en gaan gal af.

“Vra ons nou weer kos?” vra hy vir niemand spesifiek. Ek vervies my op die oomblik en gee hom ‘n vuil kyk. “Jy sal my nie keer as ek vir iemand kos wil gee nie,” bulder ek.

“Hoe durf jy dit voor Liz vra, het jy geen menswees in jou nie?”

“As jy nie ‘n oophand het om vir iemand te gee nie, dan moet jy niks terugverwag nie. Want ‘n toe hand kan nie ontvang nie.”

Ek gee Liz en Wouter elkeen ‘n drukkies toe hulle ry.

Donderdag 20 Augustus

Daar is geen inbelatings wat enige aard nie. Elke nou en dan gaan ek op my bankrekening in om te kyk of daar nie een of ander wonderwerk gebeur het nie. Niks. Dit is Donderdag en een week voor ek salaris kry. Ek werk seker drie keer op ‘n dag my begroting uit. Miskien mis ek iets. Miskien is daar ‘n ietsie ekstra inkomste wat ek mis, maar ek doen nie. My bedrae is elke keer dieselfde.

CCMA laat weet Simon dat hy begin September by hulle moet wees vir die aanhoor van sy arbeidsaak.

“Is jy op jou senuwees?” vra ek.

“Nee, ek het mos niks verkeerd gedoen nie,” antwoord hy vol selfvertroue.

“Ons sou nie in die situasie gewees het as my vorige werk my geld betaal het soos hulle moes nie,” gee Simon vir my bietjie nuttelose inligting.

“Dit sal beter gaan”, sê hy. “Ek gee nie om of dit beter gaan word of nie. Dit is hoe ek nou voel. Ons het nou nie geld nie. Ek gee nie om hoe dit later beter sal gaan nie”, antwoord ek hom.

Gelukkig is Simon (en ek) op kalmeerpille. Daar is dus geen konflik, verwyte of iets negatief tussen ons nie. Ons voel steeds as ‘n eenheid wat nou moet saamstaan.

Dis ekstra koud vandag. My kaggelhout is op.

“Kan ek nie maar die lugreeling op warm stel en aansit nie?” vra ek hom.

“Nee, dit vreet elektriese krag, gooi ‘n kombesie om jou bene,” sê hy.

Dit het gesneeu op die berge rondom ons en dit voel asof die sneeu in my murg vassit.

Ek sukkel om te fokus op my werk. Ek het die projekte waaraan ek móét aandag aan gee, maar ek sukkel. Al die goed wat rondom my aan die gang is, maal, woel, praat en baklei in my kop.

Ek vra vir Simon om aansoek te doen vir werk in Ghana. Hulle soek mense om in die myne te werk.

“Wat weet ek van myne my vrou?” vra hy.

“Seker niks, maar as jy die werk kry, vra die ou wat langs jou werk hy moet jou wys,” deel ek hom slim mee.

“Of wat van die gaspype in Angola? Doen daar aansoek vir werk.”

“Gaspype?! Here, vrou, ek weet niks van gaspype nie,” antwoord Simon verbaas.

“Jy sal moet begin dink aan ‘n ander rigting, want die huidige is morsdood,” sê ek.

“Ek is positief. Jy sal sien my besigheid sal optel, gee net kans,” antwoord hy my.

Ek besluit om hom nie te antwoord nie. Wat help dit tog?

Ons gaan teken die laaste vorms by die prokureur vir ons huisverkoop hanteer. Hy is al self moedeloos dat die verkoop so sloer. Die nuwe koper het seker vereistes waaraan sy moet voldoen alvorens die bank haar verband gaan uitbetaal, en sy het die wêreld se tyd.

Ek voel moedeloos en besef dat ek op my oortrokke fasiliteit sal moet staatmaak om deur die res van die maand te kom.

“Wel, ek het nie meer geld nie, ek kan mos maar net sowel die kaart gebruik,” dink ek. Wat het dit my gehelp om elke maand my kaart getrou te betaal? Al my spaarsamigheid het my niks gehelp om te keer waar ons nou sit nie.

Woensdag 19 Augustus 2009

Ek staan vanoggend op met ‘n moegheid wat my hele wese opgeslurp het. Ek het regtig nie krag vir enige iets nie. Ek dwing myself onder die stort in. Toe die warm water oor my naakte liggaam vloei, vou ek my arms om my lyf. Vir ‘n oomblik voel die warm water soos ‘n skans teen die koue buitewêreld wat ek nie vandag wilface nie.

Ek het vanoggend my laaste geld uit my spaarrekening oorgeplaas vir telefoon- en brandstofgeld.

Simon moet ‘n kliënt gaan sien wat in sy produk belangstel.

Dit is nog ‘n week voor die einde van die maand. Nog sewe lange dae. Buite is dit koud en reën. Ek het my laaste hout gisteraand gebruik om die koue met die kaggel uit te hou. Die koue kaggel staar na my soos ‘n groot swart, eenoog nuttelose ding.

Ek vermoed Simon het gesien hy moenie vanoggend met my praat nie, want hy is stil-stil die huis uit.

Ek skakel die ketel aan vir tee.

“Here, help my, ek kan nie meer nie. Help my asseblief!!”. In my gedagte kom die versie op: “Ek sal jou nooit los en nooit verlaat nie.”

Ek weet nie of die versie reg is nie, maar dit is so iets.

Liz se ma skakel my. Sy moet vanoggend gaan registreer vir werkloosheidsversekering. Sy is ‘n enkelmoeder wat twee weke gelede *geretrenchis*. Sy vra of dit die regte plek is waar sy is.

“Ek vermoed so. Dis die plek waar Simon aangedui het jy moet registreer,” antwoord ek.

“Weet jy hoe lyk dit hier?” vra sy.

“Hoe?” vra ek.

“Hier is seker 300 mense wat in die ry staan,” antwoord sy mismoedig.

“Dan is jy by die regte plek. Jy moet maar in die ry inval,” antwoord ek.

Ek dwing my om aan te gaan met werk. Fokus, fokus, fokus! praat ek met myself.

Ek kan verstaan dat mense selfmoord pleeg in situasies soos hierdie. Daar is net niks om oor optimisties te wees nie. Ek deurdink al die opsies. As ek dood is, betaal my pensioen en voorsorgfonds darem uit. Dit is heelwat geld en my man en kinders sal versorg wees. Ja, hulle sal hartseer wees en my mis vir ‘n bepaalde tyd, maar dit sal ook verbygaan.

Ek is so moeg daarvan om die sterker een te wees. Ek is moeg dat ek alles moet instand en regop hou.

Ek voel ook nie gemaklik om ‘n vriendin te bel nie. Almal is besig met hul eie lewens en het regtig nie lus om na my ook nog te luister nie.

Terwyl ek aandete maak, blaas die stoof se liggie.

“Die vrou wat die huis gekoop het, kan maar die liggie vervang,” dink ek. Ons eet en begin al spot oor pasta wat so veelsydig is. Pasta en ‘n blikkie tuna, pasta en maalvleis, pasta en hoender. Ek wonder of ek nie na hierdie episode dalk ‘n pasta-reseptebok moet uitgee nie. Verder kook jy genoeg pasta dat jy die volgende aand net ‘n sous kan bymaak. Ek het die laaste melk gebruik vir die witsous. Daar is nie melk vir môre-oggend se koffie nie. Daar is nie spaarmelk in die kas nie, en daar is ook nie geld vir melk nie.

“Ons drink swart koffie. Daar is nog heerlike moerkoffie en swart moerkoffie was nog altyd lekker,” lig ek my geliefde man in.

Toe ek gereedmaak om te gaan slaap, werk die lig in die aantrekdeel van die kamer nie. Die buislig het geblaas. Here, wil alles nou nie maar blaas, breek, kraak en klaarkry nie? Wanneer dit sleg gaan, moet dit mos nou ekstra sleg gaan.

Ek klim in die bed en skakel die tv aan. Die DSTV is wragtig die laaste ding wat ek gaan laat afskakel. Ek sal my laaste sentte hou vir die DSTV, ja ek sal.

Dinsdag 18 Augustus

Simon het vroegoggend gaan stap, maar toe hy terugkom is hy sommer knorrig en mislik. Ek is nie lus vir hom nie. Ek gaan sit in my kantoor en begin werk.

Teetyd kom hy ingestap met 'n papier in sy hand. "Tik vir my hierdie CV sodat ek dit kan faks. Ek gaan aansoek doen vir 'n vragmotorbestuurder. Ek het 'n kode 14 en ek sien daar is 'n advertensie vir langafstand-vragmotor-bestuurders".

"Skat, ek moet 'n plan maak om geld te kry", sê hy. Die telefoon binne die huis begin lui en hy stap uit om te antwoord.

Dis sy ma. Sy wil weet of hy OK is en dat sy baie bekommerd is oor hom. Ek vervies my sommer. Die vrou kan mos maar vir my ook bel en 'n slag vra of ék OK is. Alles draai mos nie net om haar enigste ou seuntjie nie! Enkelkind-sindroom! Mamma se enigste ou liefietjie! Sy vra wragtig nie hoe dit met my gaan nie. Ek kry sommer weer 'n pyn.

Terselfdertyd kry ek myself sommer jammer dat ek nie meer 'n ma of 'n pa het nie.

Buite reën dit vandag dat dit genoeg is om enige iemand mismoedig te maak. My kaggelhout is min. Ek kan nie eens behoorlik kaggel maak nie. Tog besluit ek, daar is nog 'n paar stukke hout. As ek hulle op hulle boomstompkant, nie die gekapte kant, aan die brand steek, sal hulle langer brand. Pure blonde-manier van dink, maar dit werk vir my.

Ons polisman kom maak laatmiddag 'n draai om sekere aanpassings te maak. Aanpassings moet daar wees, want van hierdie maand moet die polisse van my salaris verhaal word.

Ek het 'n spaarplan, hy moet dit laat uitbetaal, groot asseblief. Ek vra dat hy van Simon se beskermingsplan moet verminder. Die enigste beskermingsplan wat ek nou wil hê, is dat ek beskerm is met 'n kontantjie as Simon nou iets moet oorkom.

My werk se pensioen en voorsorgfonds maak baie goed voorsiening vir Simon en die kinders indien ek iets sou oorkom. Die annuïteit los ek net so asook die lewenspolis.

"Tallie, jy moet nie nou eintlik jou spaargeld laat uitkeer nie. Die aandele se pryse is besig om te klim en jy kan nog baie geld maak", probeer hy my adviseer.

"Wonderlik", dink ek by myself. "Aandele gaan definitief nie kos op die tafel sit nie. Ek het nou vrede met klimmende aandele. Ons moet oorleef." Ek antwoord hom egter nie.

Daar's hy, dis beter, dink ek. Die polisman vertel van 'n vriendin wat polisse verkoop het in die mynbedryf. Sy het verlede jaar oor R1 000 000-00 se polisse uitgeskryf. Met al die afleggings in die mynbedryf, het R600 000-00 van daardie polisse verval en moes sy al die kommissie terugbetaal, omdat die polisse nie oud genoeg was nie.

"Julle gaan die huis mis, dis 'n heerlike huis", sê polisman. "Ek weet, ek probeer nie daaraan dink nie", antwoord ek aapagtig.

Wat moet ek hom antwoord? Ek weet mos al die dinge. Ons bly dan al vir 10 jaar in die huis. Ek en Aron het menige Saterdag omgewerk in die tuin. Die huis is 'n ruk gelede oorgeverf met seker die beste verf op die mark. Ons dorp se huiswaardes het begin afneem toe 'n groot aantal woonstelle in ons area begin verrys het. Dit is hoekom ons wou trek na 'n beter area. Nie 'n huurhuis nie, 'n beter area! Min het ons geweet hier is 'n kruipende resessie op pad. Wel, nou voel ek resessie tot in my binneste.

En dis nie lekker nie.

Maandag 17 Augustus

Ek is vroegoggend al gereed want ek het heelwat vergaderings vandag. Anel stuur vir my 'n SMS-boodskap: "Ek het inspirasie nodig, kan ek by jou 'n boek kom haal?" "Ek's op pad hoofkantoor toe, maar kom gou", laat weet ek haar. "Nee, ek kom later die week", laat weet sy. "Nee, jy kom nou na my toe, as mens inspirasie nodig het, het jy dit nou nodig, nie later die week nie", skryf ek terug.

Anel het 'n paar minute later opgedaag om haar "inspirasie" te kom haal. Ons gesels vinnig oor die dinge wat in ons lewe aan die gang is. "Ek is moedeloos", sê sy. "Daar is hope potensiële besigheid, maar niks kom tot kontant nie". Ons gesels vinnig en sluit af met 'n lekker lag. Ek haal vir haar 2 boeke uit en gee dit vir haar saam. "Mens moet ook nie 'n depressiewe verhaal lees as mens voel soos jy vanoggend nie", gee ek my ongevraagde mening.

Ek is heeldag besig met vergaderings. Daar is 'n gesegde wat lui "as jy eensaam voel, reël 'n vergadering". Wel, partykeer dink ek dit is wat by meeste werke aangaan.

Nuwe projekte land in my skoot. Dis uitdagend en baie werk, maar ek is lus vir daarvoor.

Toe ek laatmiddag by die huis aankom, is dit net betyds om na 'n huurplekkie te gaan kyk. Op pad na die huurplek, lui die telefoon en dit is die verhuringsagent wat skakel om te sê sy gaan laat wees. Ek is sommer geïrriteerd. Ek haal dit op Simon uit. "Kalm", se hy. "Ek voel so en ek wil nou so voel", antwoord ek.

Die vrou daag op en wys ons die plek. Dis pragtig, ruim en het 'n 180-grade seeuitsig. "Hier sal ek kan bly" dink ek by myself. Die tweede slaapkamer is baie klein, maar Wouter sal daar daar kan inpas. Hy is 'n baie lang jongman, maar Simon sê hy sal 'n langer driekwart bed vir hom daar insit. Die vloere is *marble* en die kombuis het 'n wasgoedopwasplek wat groot genoeg is sodat ons al ons wasmasjiene, droërs en skottelgoedwassers kan inpas. Ons het 2 van al ons "witgoed" omdat ons die vakansiehuis se meubels ook moet stoor.

Ek voel rustig toe ons huis toe ry. Dis mooi, dis rustig en ek en Simon kan van die huis af werk.

Simon het die lekkerste kos gekook en ek sak salig agter die bord kos neer nadat hy opskep.

Na ete gaan sit ons om ons begroting neer te pen. Ja, ons kan alles betaal met my salaris. Ek is bly en voel gerus.

Liz se ma verjaar. Sy is 'n enkelma en het twee weke gelede haar werk verloor. Weer daardie nare woord "sy is *retrenched*". Ek bel haar om geluk te wens. "Tallie, my kop kan nie verder dink as die onmiddellike oomblik nie", sê sy. Ek voel magteloos, wat doen 'n enkelma sonder 'n inkomste?

Liz se ma vertel my van 'n ou man wat gisteraand in ons naburige dorp verklum het. Van die ander bergies het hom die oggend sien lê en die ambulans gebel. Hy was reeds dood. Verklum! My hart, my maag, my binneste, gee 'n ruk. Ek wil naar word. "Hoe gebeur hierdie goed?", wonder ek.

Sondag 16 Augustus

Dis 'n heerlike, sonnige oggend toe ons vanoggend opstaan. "Kom ons trek aan en gaan stap in die natuurreservaat," nooi ek vir Simon. "Mmm, dit gaan lekker wees," en met dié klim hy in die stort. 'n Halfuur later is ons gereed om te gaan stap.

Toe ons by die natuurreservaat aankom, is daar baie min stappers en ek is nogal bly. Die fynbos is vanjaar besonder mooi. Ons praat van hoe volmaak die blomme geskape is. Die lug is koel, maar heerlik vars. Ons stap hoog op sodat ons later oor die hele dorp uitkyk. Ons beursies is leeg, maar ons harte is vol. Vol van hoop, vol van geluk en vol van liefde vir ons Skepper en vir mekaar. Ons stap en gesels en vir die eerste keer praat Simon van ons komende trekkery.

"Skat, ons moet vra dat die Here vir ons die regte plek sal gee om te bly. Hy weet wat ons nodig het."

Ons praat van hoe min mense ons bel en vra hoe dit gaan. Waar is al ons goeie vriende heen? Is hulle bang ons vra hulle vir geld? Is hulle bang ons wil iets van hulle hê? Kan hulle nie net bel of kom kuier nie? Ons makeer niks, ons kan net nie meer spandeer soos vroeër nie. Die waarheid is, ons het niks om te spandeer nie, maar ons IK's is nog dieselfde, ons menswees is nog dieselfde. Hoekom hanteer mense ons anders?

Saterdag 15 Augustus

Toe ek laatoggend opstaan, is Simon en Wouter reeds weg om Wouter se orige goed te gaan haal in die dorp waar hy voorheen gewerk het.

Ek het vir hulle die vorige aand heerlike toebroodjies en koffie reggesit vir hulle 3-uurlange rit.

Ek maak vir my tee en klim terug in die bed. Buite reën dit sulke vlae teen die vensters. Die hout is min en ek wil nie onnodig die kaggel aansteek nie.

Die telefoon lui. Ek is nie lus om op te staan nie, en lees aan. Weer lui die telefoon en weer en weer. Uiteindelik staan ek op om te antwoord.

Dis my seun se vriendin, Liz, wat skakel.

“Ek het geweet tannie is daar,” lag sy. “Ek het besluit ek gaan aanhou bel totdat tannie optel.”

“Wat is dit, Liz, hoekom soek jy my?” vra ek.

“Tannie gaan nie vandag alleen in die huis sit nie, kom na my toe.”

“Ek het nie ‘n kar nie, dis net Wouter se kar wat hier is en ek gaan nie daarmee ry nie.”

“Hoekom nie,” vra sy. “Jy weet mos van die groot geskryfde naam op sy voorruit. Die naam van die motorklub wat hy aan behoort? Ek is bang iemand sien my in die kar.”
Sy lag.

“Ag, kom nou Tannie! Dan doen ons iets lekkers.”

“Goed, ek sal sien wat ek kan doen”, en met die sit ek die telefoon neer.

Ek gaan stort en trek lekker warm aan. Ek neem ‘n serp en draai dit om my gesig sodat net my oë uitsteek. Ek sit my sonbril op en toe ek in die kar klim sit ek my sonhoed ook op. Niemand sal my nou herken nie.

Toe ek by Liz aankom, lag sy uit haar maag uit toe sy my sien.

“Tannie lyk soos een van hierdie vroue uit die Oosterse lande!” lag sy.

“Liz, kom ons twee vat vandag die pad.”

“Goed, ek sal ry. Dan sal die mense dink dis my karretjie,” sê sy.

Ons ry op die grootpad uit. Dis heerlik en ons gesels land en sand. Ons kry ‘n kuierplekkie op een van die wynplase. Ons bestel vir ons elkeen ‘n glas rooiwijn en ‘n mandjie eetgoed. Nog ‘n transaksie op die kredietkaart gaan nou regtig nie die kameel se rug breek nie. Ons gesels en beplan haar volgende verjaarsdag. Sy gesels oor haar familie, oor wat in haar hart omgaan, haar onsekerhede en wat sy eendag wil bereik. Ons praat oor godsdienst, haar maats, wat sy van hou en wat nie. Laatmiddag kom ons terug by die huis aan en ek nooi haar om die aand saam met ons gesin te eet. Sy is tog maar een van ons. Simon en Wouter kom laatmiddag by die huis en hulle stap lag-ag in. Dit is ‘n heerlike aand waar ons met mekaar spot, terg en sommer net lekker saamkuier.

Ek is dankbaar en besef geld kan nie koop wat ons vandag gehad het nie.

My dagstukkie sluit my aand af met Lukas 13:34 ... *hoe dikwels wou Ek jou kinders bymekaarmaak soos ‘n hen haar kuikens onder haar vlerke, maar julle wou nie!*

Jesus wil ons bymekaarmaak en onder Sy vlerk hou. Hy wil ons beskerm teen die storm, teen seerkry, teen teleurstellings, ongelukkigheid en Satan. Maar ons moet Hom toelaat om dit te doen.

Ek gaan slaap tevrede.

Vrydag 14 Augustus

Simon gaan sien die arbeidsprokureur. Hy kry 'n volledige uiteensetting van al die stappe wat nou gevolg moet word. Daar is geen ander uitweg as om die vorige werkgewer CCMA toe te vat nie. Simon is nie een vir konflik nie, en ek kan sien hy is nie gelukkig dat die handeling nou hierdie wending moes neem nie.

“Skat, ek kan enige iets doen as jy net by my staan,” sê Simon met 'n koppie vars gemaakte moerkoffie in sy hand. Die werkloosheidsversekering gaan nie uitbetaal voor twee maande nie. En as ek nie vinnig gaan begin geld inbring nie, is ons in die moeilikheid,” sê hy.

“Ontspan, ons sal hier deurkom,” probeer ek hom gerusstel. Ek sê nie vir hom dat my spaarrekening so te sê uitgeput, en my kredietkaart 'n paar duisend rand oortrokke is nie.

“Ons het genoeg kos, elektrisiteitskrag en brandstof,” sê ek.

Op pad na 'n vergadering onthou ek van klere wat in my kas hang met hul etikette nog net so aan die kledingstukke. Ek haal dit uit, soek die aankoopstrokie in my beursie, en druk die klere in 'n inkopiesak. Ek dra dit saam met die res van my werkbagasië en pak dit in die motor. Simon het niks opgemerk nie.

Ek ry na die winkel en gaan staan in die teruggee-ry. Toe ek voor by die toonbank kom, haal ek die klere ongeërg uit die sak.

“Hierdie goed is hopeloos te groot. Het julle dalk julle klerenommers verander?” vra ek die dame.

“Nee mevrou, maar dit mag wees dat dit dalk net hierdie spesifieke klere-reeks is.”

“Ek kry nie iets anders nie, sal jy die bedrag asseblief terugplaas op my kredietkaart?” vra ek met 'n soet stemmetjie.

Ek stap uit die winkel met 'n lied in my hart.

Ek skakel 'n jarelange vriendin van my. Sy was nog altyd net een van daardie mense wat met die goue lepel in die mond gebore is. Geld en bekommernis was nog nooit van haar bekommernis nie. Nadat ons oor ditjies en datjies gesels het, vertel ek haar van Simon se aflegging.

“Tallie,” se sy, die Here is besig om die skandse af te breek. Jy sal nie glo hoe sms gegoede mense my en vra dat ons vir hulle moet bid nie. Hulle is finansiële gedreineer.”

“Jy moet terugkleim wat die duiwel van jou steel. Hy steel geluk, finansies en gesonde huwelike. En net jy kan dit met die hulp van Jesus terugkry. Jesus wou nooit hê dat ons moet sukkel nie. Sy plan vir ons is alles wat goed en wonderlik is.”

Lank nadat ek die telefoon neergesit het, sit ek nog met haar woorde in my kop.

“Sy is reg,” dink ek by myself. Ons lees dit in die Bybel, ons word dit op Sondagskool geleer en wanneer dit te goed gaan, vergeet ons van alles en dink ons kan ons lewens self lei. Ek begin besef hoe ons afgedwaal het en op ons eie aangewese geraak het.

Vrydagaand steek Simon vir ons ‘n vuurtjie aan. Ek haal van die Karootjoppies uit vir braai. Met die tjoppies maak ek vir ons elkeen ‘n gebakte aartappel in die mikrogolf. Buite is dit ‘n pragtige, warm en windstil aand. Ek en Simon sit tot laataand by die vuurtjie en gesels. Ek kan voel ons is ‘n eenheid en ons is daar vir mekaar

Donderdag 13 Augustus

Donderdae kom ons plaaslike koerantjie uit. Ek blaai deur die eiendomme- en verhuringsafdeling. Daar is heelwat bekostigbare 2-slaapkamerwoonstelle beskikbaar. Ek vra vir Simon of ons tydens middagete gou na een of twee kan gaan kyk.

Die eerste woonstel waar ons stop, kom die ou tannie met die sleutel aangestap.

“Jong, julle kan kom kyk, maar ek hoop nie julle het kinders of honde nie.”

“Nee, ons seun is 21 jaar oud en ons het geen honde nie.”

“Julle kar moet snags buite staan, hier is nie parkeerplek nie,” deel sy ons ongeërg mee.

Ons stap deur die woonstel en kyk deur een van die vensters na buite. Die rye en rye wasgoed hang wapperend in die wind.

Nee, ek wil nie hier bly nie, skreeu dit binne my.

Ons bedank haar, en toe ek en Simon in die kar klim, besluit ons albei dat die plek ons nie weer sien nie.

By die tweede huurplek laat die eienaar ons sowat 20 minute wag.

“Liewe hemel, het die mense nie ‘n idee van betyds wees vir ‘n afspraak nie?” vra ek ongeduldig. “Ontspan vrou,” probeer Simon my kalmeer.

Die eenheid is een van drie wat teenaan mekaar is. Pragtig oorgedoen, behalwe dat die tweede kamer in die middel van die huisie is en geen venster van ‘n aard het nie.

Die kamer is dus pikdonker en jy sal die lig permanent moet laat brand as Wouter daar sit en werk of rekenaarspeel.

Die plek is heerlik ruim met geen motorhuis nie, maar darem ‘n motorstaanplek.

“Ons wil graag die plek neem, maar kan nie vir jou se wanneer ons kan intrek nie,” se Simon. Hy verduidelik die verkoop van ons huis en dat die oordrag hopenlik binnekort sal plaasvind.

“Dis reg so, julle kan die plek kry. Dit is mense soos julle wat ek graag hier sal wil hê,” antwoord die eienaar.

“Simon is twee maande gelede afgelê en is besig om sy eie besigheid op die been te bring,” vertel ek met my groot mond. Ek sien die man kry so ‘n afkeurende trek op sy gesig, asof hy so pas iets sleg geruik het. “Hy is reeds besig met sy besigheid,” probeer ek die trek van sy mond af kry. “Die huur is baie bekostigbaar en ons het nog ‘n huis op ‘n ander plek wat ons verhuur,” sê ek. Maar dit lyk asof die man my nie hoor nie. Sy kop steek nog vas by die aflê-storie.

“Liewe Vader,” dink ek, ons het nie ‘n aansteeklike siekte nie, my man het nie gesteel nie, hy’s *retrenched*! Ja, daai lelike woord *retrenched*!

“Ek sal die kontrak na julle aanstuur,” belowe hy my met die sluit van die sekuriteitshek.

Die kontrak kom toe wel laatmiddag per elektroniese pos by my aan. Ons moet 4 maande se huur deposito gee, asook ‘n deposito van een maand se salaris vir ingeval ons een maand nie kan betaal nie en hulle prokureurs moet aanstel om ons dan te vervolg.

Ons het ‘n skoon kredietrekord, en skuld niemand niks. Behalwe die bank vir ‘n huislening, geen motor-, klere of meubelskuld nie. Tel dit dan niks? Moet ek nou begin lieg net om ‘n blyplek te kan huur?

Ek besluit om nie te lieg nie. Simon is *retrenched*, daar kom nog nie geld in nie, maar die huur kan ek met gemak betaal, veral omdat Wouter ook bydra tot sy huur.

As mense nie volgens ons kredietrekord kan sien dat ons goeie betalers is nie, *welthen so be it*. Maar ek gaan nie in ‘n wêreld van leuens, bedrog en skelms betrokke raak net om ‘n blyplek te kry nie.

Ek laat weet die eienaar per e-pos dat ons nie belangstel nie. Hy kan maar weet dat ons nie op hierdie stadium 5 maande se huurgeld iewers in ‘n kombuislaai het wat lê en wag om gebruik te word nie.

Ek blaai weer deur die koerantjie, maar kry niks.

Woensdag 12 Augustus

Simon is vanoggend vroeg weg met die motor om potensiële kliënte te gaan sien.

Ek het heelwat werk om te doen, en verdiep daarin my agter die lessenaar. Ek moet heelwat kwotasies uitstuur en kliënte skakel. Ek werk ook aan my komende besoek aan een van ons land se streke. Dis moeilik om besigheid te kry. Almal kla oor die koste, die H1N1-griep-virus wat nou in die rondte is, die baie reën, die min reën.

Baie mense met wie ek praat, wil hul eiendom verhuur tydens die FIFA Wêreldbeker volgende jaar. Die een het meer planne as die ander. Die een probeer meer slim en kreatief wees as die ander.

Ek luister gelate en sê “ja” en “nee” as ek moet, na gelang van die persoon aan die anderkant van die telefoon.

Toe Simon vroegaand by die huis kom, is die skenkelbredie kant en klaar.

“Skat, dit gaan werk,” kondig hy aan. Ek antwoord nie, maar lyk opgewonde.

“Dis fantasties,” sê ek.

“Daar is kliënte wat sê hulle koop net by my, want my diens was nog altyd goed en ek ken my produk,” sê hy.

Nou hoekom koop hulle dan nie, wonder ek by myself. Maar hy antwoord my asof hy my gedagtes gelees het.

“Skat, die mark is ontsettend dood. Daar is besighede in die bedryf wat al vir generasies bestaan, wat nou toegemaak het. Daar is ‘n maatskappy wat 400 werknemers gehad het. Die eienaar kon net nie meer die deure oophou nie. Dit gaan baie sleg in die mark.”

“Jy moet weet as 400 werknemers afgelê word, kan jy dit met 4 vermenigvuldig en dan sien jy hoeveel mense geaffekteer word.”

“Mense met kinders op skool, mense met net een inkomste, wat maak hulle?”

Ek besef hy is reg. Ons het vir Wouter, ons seun wat nog by ons bly en huur betaal elke maand, die strandhuis wat uitverhuur word en my salaris.

“Ons is eintlik okei,” sê hy.

“Daar is mense wat geen inkomste het nie”.

Daardie aand lees ek my dagstukkies, lank nadat Simon al aan die slaap geraak het.

“Daar is niks geheim wat nie openbaar sal word nie, of weggesteek wat nie bekend sal word en aan die lig sal kom nie.” Lukas 8:17

“Here, wat van die man wat vir Simon afgelê het wat nie sy geld wil betaal nie? Hy wat prokureurs opdrag gee om te kyk of hulle iets teen Simon kan kry sodat die eienaar van die vorige maatskappy nie Simon se geld hoef te betaal nie? Here, sal U al sy ongerymdhede ook openbaar maak of maak dit feit dat hy soveel geld en eiendomme het, dat hy kan maak wat hy wil en wegkom daarmee? Maak dit hom verhewe bo hierdie vers?”

“Ek weet nie Here, ek vra maar net.”

Dinsdag 11 Augustus

Ek het werks-afsprake en kom laatmiddag by die huis aan. Simon se geld is nog nie inbetaal nie. Ons hoor niks van die prokureur wat ons huis se koop hanteer nie. Ons is glad nie seker wat ons moet doen nie.

Simon is heeldag op die faksmasjien en telefoon besig met die bemarking van sy produkte. Dit is in die vervaardigheidsmark, en die mark is morsdood. Hy kry heelwat navrae, maar navrae sit nie geld in die bank nie.

Ek begin ligter voel. My gemoed begin lig. Ons weet nog steeds nie waarheen ons gaan trek nie. Ons weet ook nie wanneer ons moet trek nie. Die helfte van die huis is reeds ingepak en staan die spaarkamer vol.

Ek soek deur koerante vir 'n moontlike woonstel of een van die klein huisies in 'n sekuriteitskompleks. Ek weet nie hoekom ek soek nie, want ons weet nog nie van wanneer ons 'n kontrak kan teken nie.

Die arbeidsprofessor laat weet hy wil vir Simon Vrydagoggend sien. Selfs hy is ontsteld omdat Simon nog nie betaal is nie. Volgens hom is daar geen manier dat die maatskappy vir wie Simon gewerk het, nie sy geld kan betaal nie.

Ek voel trots op Simon, hy is gefokus. Hy sit van soggens vroeg tot saans voor sonsak en kontak moontlike kliënte. Hy raak nie aan alkohol nie en ek is dankbaar.

Voor ek in die laataand in die bed klim, lees ek my dagstukkies wat sê "*Hoe luister jy*"?. Luister ons na enige iemand? Luister ons na God se woord, of onderskei ons tussen wat ons moet lees en na luister en wat ons moet los?

Die dagstukkies sê verder: "*Besluit asseblief dat jy Jesus se woorde nie uit jou lewe sal sluit nie. Daarsonder is vandag vir jou 'n probleem, die toekoms vir jou donker en die ewigheid vir jou onseker. Pas op hoe jy luister.....*"

Ek sit vir 'n oomblik stil en luister na die verdwaalde paddatjie wat buite kwaak. Daarsonder is dit doodstil, dis pikdonker buite. Ek begin dink hoe ek elke stukkie inligting oor die sukkelende ekonomie opslurp. In diepte luister vir die geringste positiewe verandering, ek lees in die dagblaai van die groeiende hoeveelheid sekwestrasies, veilings en hoe jou spaargeld in die bank al hoe minder raak. Ek bekommer my oor die stakings, oor my eie werk.

Ek besef dat ek lankal opgehou luister het na God. Want ek was te besig om die tydelike te probeer "reg dink".

Ek besef dat God besig is met my, al is dit net deur die dagstukkies.

Ek het 'n verjaarsdagkassie waar ek allerhande geskenke in bêre. Dit is nou vir ingeval iemand verjaar. Dan het ek gewoonlik 'n wye verskeidenheid klaargekoopte geskenke om uit te kies, sonder om die winkels te moet invaar.

Hoekom het ek juis die dagstukkies-boek uitgehaal om saam oorsee te stuur? Hoekom het ek dit op die boekrak in die sitkamer laat lê? Hoekom het ek die stukkie begin lees en dat elke stukkie so relevant is op my lewe? Niks is mos toevallig nie.

Ek besef dat ons nie alleen is nie, maar dat God beheer geneem het. Dis met 'n rustigheid en warmte in my hart dat ek aan die slaap raak.

Maandag 10 Augustus

Dit is 'n vakansiedag. Simon bederf my met 'n heerlike ontbyt. Ek is trots op my man. Ek vou my hande om sy gesig en soen hom op sy voorkop. "Dankie," sê ek. Ek is só trots op jou. Dankie dat jy jou gekuiery laat staan het." "Daar is nie nou tyd vir 'n gekuier nie," antwoord hy.

Ek is bly.

My dagstukkies vandag is *"wat is dit wat julle so ernstig met mekaar loop en bespreek?"* (Lukas 24:16)

Dit handel oor die stukkie waar Jesus se dissipels 'n dag vol intriges, emosies, vertwyfeling en selfs wanhoop ervaar. Jesus verskyn dan aan hulle en vra dan wat fout is. Hy laat hulle toe om hul harte uit te praat, te gesels en te ontlaai. Praat jou leeg sodat Hy jou kan volmaak met Sy vrede.

Is die Here besig met my, wonder ek? Is dit omdat ek nie tyd het vir enige iets anders behalwe die vervlakste aflegging van Simon nie? Is ek so vasgevang in wat moontlik volgende gaan plaasvind, dat ek besig is om fokus rondom my te verloor?

Ek is moeg gewonder, moeg van planne maak, moeg vir onsekerheid, moeg vir goed wat moontlik kan gebeur, en wat in elk geval nooit gaan gebeur nie!

Sondag 9 Augustus

Ek tel vir die eerste keer in 'n lang tyd my bybel-dagstukkies boek op. Hierdie is die boek wat ek vir my vriendin oorsee wou saamstuur toe haar man in die land was. Hy het egter die oggend gery en ons op pad lughawe toe gebel om te groet. Ek noem toe vir hom van die boek, maar ontsien die moeite om lughawe toe te ry om die boek vir hom te neem. Die boek lê op die boekrak, totdat ek dit vandag optel om weg te pak.

Ek sukkel met my godsdiens. Ek sukkel om te bid. Ek sukkel om te glo. Dit voel só dood binne my. Ek staan saans op my kniee en bid, maar dit voel asof ek nie kan deurdring tot my Skepper nie. Ek sê my gebed op soos 'n resitasie. Elke aand dieselfde, vra vra vra. Ek vra vir leiding, deure wat moet oopgaan, maar diep binne my weet ek dat ek tog nie glo wat ek vra gaan gebeur nie.

Voordat ek die boek wegpak, maak ek dit oop en lees die volgende stukkie:

"Wat 'n gebrek aan begrip en wat 'n traagheid van Gees! Glo julle dan nie al die dinge wat die profete gese het nie" Lukas 24:25.

En dan volg die volgende:

"En terwyl Hy met hulle praat, word hulle koue harte warm, brandend in hulle binneste. In die plek van vertwyfeling het 'n nuwe sekerheid posgevat. Wanhoop het

gewyk voor vrymoedigheid. Depressie het gevlug voor 'n ongekende blydschap. Skielig het hulle trae, slepende voete 'n nuwe veerkrag gevind."

"Ons eie beperkte insig jaag ons dikwels emosioneel op hol. Hoe meer ons op sielsvlak watertrap, hoe erger word dit. Dan is dit nodig om terug te kom na die rots onder ons voete: God se Woord, sy beloftes; dit wat God gesê het en wat geen mens kan verander nie. Oorkom jou traagheid van begrip en gebrek aan insig deur meer tyd te maak vir God se Woord." (Uit *Jesus se woorde vir elke dag*, deur Jan de Wet.)

Ek beseft dat die probleem nie by Jesus is nie, maar by my. Ek beseft ek sal moet *let go*, ek is nie in beheer nie.

Saterdag 8 Augustus

Vandag gaan ek nie by die huis sit nie. Simon is nie lus vir gaan stap nie, want ek het te laat geslaap en mens stap mos nie na nege in die oggend nie. Bla bla bla .

Ek gaan stort en ry na 'n vriendin Anel toe vir koffie. Voordat ek vertrek, pak ek vir haar 'n mandjie met tuisgemaakte appelkooskonfyt, vars koejawels en goudgeel lemoene. Oppad na die motor, pluk ek gou vir haar 'n armvol lavender.

My gemoed is nie lekker nie. Dit voel so asof ek my ma, my pa en almal wat al dood is mis. Op pad na Anel, stop ek by die ouetehuis waar my pa gebly het voor hy twee jaar gelede aan 'n beroerte oorlede is. Ek stop die motor langs die pad, langs 'n heining lavender wat hy geplant het die jaar wat hy dood is. Die lavender is mooi vanjaar. Ek sien dit moet nou enige dag begin blom. Ek voel lus en steek my hand deur die draad om aan die plante te raak.

Pappa het aan die plante geraak. Daar het nog 'n deeltjie van hom agtergebly en ek wil dit koester. Hoe baie het ek nie middag na werk by hom in sy kamer gaan sit nie? Soms aan die slaap geraak terwyl hy op die stoel na die een of ander sepie gekyk het. Hy het my nooit wakker gemaak nie. Een of twee keer het die verpleegster my kom wakkermaak waar hy my toegemaak het onder sy knie-kombersie. Hy sou dan net doodrustig op sy stoel sit en tv kyk of RSG luister.

Ek onthou hoe ek vir hom gaan kuier het, twee kloppe aan die deur gee. Wanneer ek die deur oopmaak en hy sien dis ek, het sy hele gesig opgehelder. Elke keer. Ek het dit keer op keer gedoen en nie een keer het ek iets anders as daardie groot glimlag op sy gesig gesien nie. Pappa het in die winter van 2007 'n massiewe beroerte gehad en is twee dae later in die hospitaal oorlede.

Ek ry rondom die ouetehuis en wens dat ek nog net een keer kon ingaan en twee kloppe op sy deur gee. Net nog eenkeer!

Ek klim terug in die motor en ry by die ouetehuis verby.

Dis altyd lekker om by Anel te kuier. Sy 'n plat-op-die-aarde, wyse vriendin. Sy het vir 20 jaar 'n beroep beklee wat haar na feitlik elke land in die wêreld geneem het. Sy is vreeslik belese en kan oor enige ding gesels. Sy lag altyd en dra 'n stukkie son met haar saam waar sy ookal gaan. Toe ek stop, is sy buite. Haar skouerlengte hare hoog op haar kop vasgebind.

“Haai, jou hare se kleur is mooi,” sê sy en gee my 'n stywe druk. Ek haal die mandjie van die passasiersitplek en gee dit vir haar aan. “O, lekker, ek is al so lus vir konfyt!” En met dié stap ons die huis binne.

“Jong, sit ek maak vir ons lekker sterk tee.”

“Ons het baie gesels om in te haal,” sê sy. Terwyl sy tee maak, pak ek die mandjie uit. Ek vra haar vir 'n blompot en rangskik die lavender in die pot.

“Sit dit op die tafeltjie daar binne,” beduie sy.

“Ek het gister aartappelblomme gepluk, maar die goed wil nie hulle koppe lig nie”.

“Ek dink dis te donker daar waar hulle staan, dink seker dis aand,” babbel sy voort.

Ons gaan sit in die sonkamer.

“Neem jy daai stoel wat in die son staan, mens moet gereeld son op jou kop voel,” sê sy.

“Dit help teen depressie.”

Ons gaan sit elkeen met 'n koppie tee. My kop vol in die son.

Anel se man se werk het ongeveer 'n jaar gelede so afgeneem dat hulle net nie meer hul maandelikse verpligtinge kan nakom nie. Sy doen tydelike werk soos die geleentheid hom voordo.

“Hoe gaan dit met hom?” vra ek.

“So sensitief, dat ek nie eens kan vra met of sonder suiker nie. Alles wat ek vra of sê, sien hy as 'n persoonlike aanval teen hom. Ek ignoreer dit. Toe ek gewerk het, het hy gesê ek doen niks. Toe ek my werk verloor, besluit ek, wel nou doen ek niks. Ek is nie eens lus om die huis mooi te maak nie,” babbel sy voort.

“Ons is nou onder administrasie geplaas,” vertel sy verder. “Dit help baie, want nou kan geen skuldeiser ons dreig nie. Ons betaal slegs 'n kwart van die huis se paaiement, die munisipale-gelde is 'n jaar gelede laas betaal en die skoolfonds is drie maande agterstallig. Daar is net nie geld om ons skuld te betaal nie.”

Ek bly stil, want vir 'n oomblik besef ek hoe gelukkig ons nog is. Hoekom voel ek dan so af?

“As ek voel alles raak te veel vir my, vat ek vir Vlooi en ek gaan stap teen 'n spoed langs die see af. Vlooi moenie eens sy been lig om te pis nie, dan trek ek hom dat hy op twee bene voortdribbel,” vertel sy ernstig. Ek bars uit van die lag. “Vertel weer van Vlooi,” moedig ek haar aan, maar ek lag dat die trane loop.

“Gaan stap, maak skoon jou kop. Maar stap ‘n stewige spoed. Jy sal ‘n ander mens wees as jy terugkom,” verkoop sy haar stap-oplossing aan my.

“Het julle nog seks?” vra ek haar.

“Ja, baie,” antwoord sy.

“Ek het nou die dag vir Len gesê hy is erger as die Ethiopiërs. Hoe slegter dit met hulle gaan, hoe meer seks het hulle.”

Ek lag dat my maag pyn en besluit om nie verder uit te vra nie. Ek wil darem nou nie my penarie hier aan haar verduidelik nie, dit klink nie asof sy sal verstaan dat die teenoorgestelde by ons die norm is nie.

Ek ry huis toe met ‘n lied in my hart. My kop voel sommer ligter toe ek by die huis instap. Ek besef dat ek nodig het om uit te kom en my vriendinne te sien en saam te kuier.

Vrydag 7 Augustus

Simon is vanoggend Swartland toe om die een of ander potensiële klient daar te ontmoet. Ek is in my huiskantoor en doen my week se verslae. Laاتمiddag keer hy terug.

“Skat, ek het ‘n duisend rand gemaak,” sê hy. Hy sit die sakke kruideniersware op die kombuistoonbank neer.

“Mmmmm, sê ek, “dit lyk lekker. Pak uit wat jy nog gekoop het.”

Snaaks hoe klein goedjies skielik begin saakmaak. Dubbellaag toiletpapier het plek gemaak vir die meer ekonomiese enkellaag-toiletpapier. Ek skakel die krag af nadat ons in die oggend klaar gestort het. Die kaggel word nie meer so gereeld brand gemaak nie, want ek het my reeds voorgeneem, as hierdie hout op is, dan is dit op. Kombersies oor die knieë kry vir my ‘n heel ander betekenis, en dit het regtig niks met ‘n ouetehuis te doen nie.

Wouter is die langnaweek saam met vriende na ‘n plaas in die Karoo. Voordat hulle ry, kom groet hy en Liz, sy vriendinnetjie. Ons sit vir ‘n rukkie en gesels en vir ‘n oomblik koester ek die oomblik soos ‘n kleinood. Hulle is gesonde opgeruimde jongmense wat nog by pa en ma bly en nie ‘n sorg in die wêreld het nie. Ek kyk onderlangs na hulle en wens ek kon hulle beskerm teen enige negatiewe, lelike, slegte en ongelukkigheid in die lewe.

Ons lag en gesels terwyl ons van Simon se varsgekoopte broodrolletjies smeer en elkeen neersak met ‘n lekker koppie warm, sterk tee.

Hulle vertrek en ek en Simon bly agter. Ons begin gesels en ek voel vir 'n oomblik die atmosfeer is reg om hom uit te vra.

“Wat pla jou die meeste, Simon?”, vra ek.

“Die feit dat ek nie geld inbring nie. Die feit dat jy geld op die telefoon moet sit sodat ek kan probeer geld maak deur die verkope. Jy hoef nooit bekommerd te wees nie, ek sal nie op jou nek lê nie.”

My mond gaan oop van verbasing.

“Dit pla my glad nie dat ek geld op die telefoon sit nie. En nee, ek het nog nooit gedink jy lê op my nek nie. Ek is net bly dat ek en jy so saamstaan en so naby aan mekaar voel.”

Ek en Simon gesels tot in die vroeë oggendure. Ons bespreek of ons na die seehuis moet trek. Dis goedkoper, maar verder van my werk.

“Skat, ek kan *handyman*-werk doen vir die mense wat net vakansies na hul huise kom.”

“Ek moet net 'n ryding kry.”

“Ja, jy's reg, as die huis se geld net deurkom,” antwoord ek gelate.

Donderdag 6 Augustus

Ek is vroegoggend weg by die huis. Met net een motor, maak ek en Simon beurte oor wie die motor nodig het vir die dag.

Ek is heeldag besig met 23 besoekers vanuit 'n ander provinsie en dit is heerlik dat hulle my gedagtes besig hou met vrae. Dit is hul eerste besoek aan ons provinsie en geen moeite om besienswaardighede aan hul uit te wys en meer te vertel nie. Ek geniet dit geweldig en kom lekker moeg laataand by die huis aan. Simon het die heerlikste hoendergereg gemaak. Ek is so trots op my man. Hy werk van die huis, of altans probeer sy bes om 'n inkomste te genereer. Hy kook ook, en ek is so bly, want hy lyk ook goed.

Dinsdag 4 Augustus

Simon se geld is nog nie inbetaal nie. Ek gaan soek op 'n webtuiste wat die prosedure vir onetiese werkpraktyke is.

Daar is duidelike riglyne wat gevolg moet word. Jy stap nie net in en lê personeel af nie. Daar is 'n konsultasieproses wat moet plaasvind. 'n Konsultasieproses behels nie net 'n vorm met almal se name in die kantoor, en elkeen moet langsaan teken om aan te dui hulle het die vorm onder oë gehad nie. 'n Konsultasieproses beteken nie jy laat weet die personeel jy arriveer die Vrydag, maar arriveer dan die Maandag

vóór die Vrydag nie. Nee, die konsultasieproses behels die volgende, en vir die wat nie weet nie, dit is vrylik op die internet beskikbaar:

Eerstens moet jy die personeel inlig dat jy afleggings oorweeg en waarom jy dit oorweeg. Tweedens moet jy die persoon of persone wat jy beoog om af te lê inlig, dat hy of sy onder diegene tel. Jy moet dit duidelik maak aan die persoon wat afgelê word dat hy of sy niks verkeerd gedoen het nie.

Derdens moet jy die persoon een week vir elke jaar gewerk vergoed, dit is nou behalwe enige verlof of pro-rata-bonussie. Afhangende van jou aanstellingskontrak sê, moet jy vir jou kennismaand ook vergoed word.

Vierdens moet die maatskappy vir die persoon wat sy werk verloor, so ver moontlik help, deur 'n brief te gee waarin aangedui word dat die persoon afgele is as gevolg van watter geldige rede ookal, maar dat hy bv. 'n goeie, getroue, eerlike werker is. Die maatskappy moet ook sy werkloosheidsversekeringsvorm beskikbaar stel sodat ek persoon vir werkloosheid kan registreer.

Nou op hierdie stadium het Simon nog nie sy werkloosheidsvorm ontvang nie, hy het ook nie sy laaste maand se geld (wat sy vakansiegeld insluit) en wat einde Julie inbetaal sou wees, ontvang nie.

Verskeie versoeke na sy vorige werkgewer se kantoor werp geen vrugte af nie. Die eienaar van die maatskappy sê net doodeenvoudig hy werk nie met die betalings nie, Simon moet een van sy ondergeskiktes, waarvan sy seun een is, kontak. Nie een van die ondergeskiktes beantwoord egter Simon se oproepe nie.

Simon het geen fondse meer beskikbaar nie.

Op hierdie stadium probeer hy 'n besigheid aan die gang kry in die vervaardigingsbedryf wat hy ken. Hy stuur fakse uit, kontak kliënte. Van sy ou kliënte soek hom op en belowe hulle ondersteuning aan hom.

Sy vorige werkgewer het almal in die maatskappy opdrag gegee, en laat teken, dat niemand met Simon mag kontak maak nie. Ek dink dis siek van hom. Simon het die man geen skade aangedoen nie.

'n Vreemde persoon bel vir Simon uit 'n ander provinsie. Hy het glo op Simon se webtuiste gesien wat hy verkoop en stel belang in een of twee items. Hy soek net die pryse. Simon weet onmiddellik dit is nonsens, want hy het geen webtuiste nie. Hy deel die persoon mee dat hy maar weer die webtuiste moet besoek en sy inligting daarop kry. Ons weet iemand sit agter die oproep.

Ek gaan aan met my werk, maar 'n paar uur later tel ek die telefoon op en bel die persoon wat Simon gekontak het. Ek vra of hy reggekom het op die webtuiste. "Nee", sê hy.

“Jy sal ook nie,” sê ek vir hom, “want daar is geen webtuiste nie.”
“Simon is besig om ‘n klein besigheid op die been te probeer bring, want hy moet kos op die tafel sit,” sê ek.

“Jy ken mos vir ...” (en ek noem die naam van Simon se vorige werkgewer)
“Ja,” antwoord hy. “Nou maar doen vir my ‘n guns en gaan terug na die person wat jou gevra het om te skakel, en sê vir hom dat Simon probeer om ‘n lewe te maak vir hom en sy gesin. En dat hierdie tipe van kinderagtige oproepe en speletjies onvanpas is.”

“Ek sal,” sê hy. Ek sit die telefoon neer, en skakel Simon se vorige werkgewer. Hy is nie beskikbaar nie, en ek laat ‘n boodskap met my naam en telefoonnommer, en versoek dat hy my moet terugskakel.

Hy skakel nooit terug nie. Uiteindelik ontvang Simon sy werkloosheidsversekeringsvorm per e-pos. Hy ontvang laatmiddag ‘n sms-boodskap dat hy slegs deur die maatskappy se regs persoon met hulle mag kontak maak. Hy skakel die regs persoon se nommer en vra om met haar te praat. Hy vra waarom die aangeleentheid gaan en waarom hy nie met die vorige werk mag kontak maak nie.

“Kry vir jou ‘n prokureur,” snou sy hom toe.

“Ek het regtig nie geld vir Prokureurs nie, en ek het geen idee wat hier aan die gang is nie,” antwoord Simon haar.”

“Wel, tot siens”, sê sy en sit die foon neer.

Dis stil in die vertrek waar Simon besig is met werk. Ek stap in en vra of hy wil tee hê.

“Weet jy wat?” vra hy.

“Ek het nou ‘n lys van mense gemaak wat voorheen by dieselfde maatskappy gewerk het en of bedank of afgelê is. Almal van hulle is gedreig met hofsake of daar is hofsake teen hulle gemaak. ‘n Vorige takbetuurder van die maatskappy is hof toe gevat omdat hy vir ‘n ander maatskappy in dieselfde bedryf gaan werk het. Hy het die saak verloor en moes letterlik bedank.”

“Wat doen hy nou?” vra ek. “Hy is landuit,” antwoord Simon.

“My man,” antwoord ek, “hierdie man kan mos nou wragtig nie verwag dat jy by die huis moet sit net sodat jy nie betrokke raak in ‘n beroep wat jy vir 22 jaar al doen nie. Hoe moet jy kos op die tafel sit?” vra ek.

“Ek het nog jou aanstellingskontrak op my rekenaar,” sê ek.

“Kom ons gaan kyk wat daarop staan. Ja wraggies, daar is dit. Jy mag nie vir een jaar nadat jy by hom weg is vir enige ander maatskappy in dieselfde bedryf werk nie. Nie as werkgewer, konsultant, verteenwoordiger, raadgewer, direkteur of enige ander manier waar jy betrokke kan wees nie. Hy het glo belê in jou.”

“Belê?” sê Simon effens hard. “Hy het niks in my belê nie, ek het die kliënte, kennis

en goeie naam gehad wat hy gekry het. Ek het my alles gegee terwyl ek vir die man gewerk het!”

Ek besef hierdie is nie ‘n saak wat ek en Simon ligtelik moet aanpak nie. Ek maak kontak met ‘n professor in arbeidsreg. Ek stuur al die gegewens, die aanstellingskontrak, afleggingsbriewe en enige relevante gegewens na hom toe. Hy vra my om hom ‘n dag of twee kans te gee. Ek herinner hom daaraan dat ons binne die 30 dae na aflegging aksie moes neem indien ons wou. Dis wat die wet sê. Gelukkig vir ons dui Simon se afleggingsbrief aan dat hy “in diens” is tot einde Julie. Ons is dus binne die 30 dae tydperk.

Simon wys vir my ‘n interessante stukkie inligting. Neil, die vorige werkgewer en eienaar van die maatskappy, lok al die *experts* in die bedryf weg na hom toe met groot salaris-aanbiedings. Hy verswak dus sy opposisie en versterk sodoende sy eie maatskappy. ‘n Jaar of twee later raak hy ontslae van die *experts*, dreig hulle met die kontrak wat hulle geteken het of sleep hulle net voor die voet hof toe.

‘n Baie duur, maar baie effektiewe manier van *operate*. Sodoende verswak hy die mark en begunstig homself. Ek is woedend.

“Wel,” sê ek. “Hierdie keer het hy dit met die verkeerde persoon gedoen. Ons gaan hof toe. Ons moet al die persone wat deur dieselfde oefening as ons gegaan het in die hande kry, beëdigde verklarings kry en ho

Saterdag 4 Julie

Ek en Simon gaan dorp toe. Nie *mall* toe nie. Die naaste Clicks, want dis goedkoper. Ek koop gesig- en badkamergoed. Ek vra dat Simon moet kry wat hy nodig het en in die mandjie pak.

Hy kom teruggestap met skeerskuim in sy hand. Kyk, ek het die goedkoopste gekry, die ander is te duur, sê hy. Dis OK, sê ek. Vir my is skeerskuim in elk geval net iets wat ek op my bene kan gebruik sonder dat hy agterkom.

Ek stap oorkant die pad na die apteek en koop griepmedisyne. Een plastiek pillehouertjie met 3 soorte medisyne. Die apteker dui aan dat daar pyn, antibiotika en griepille in die potjie is.

Ek koop somer 2 potjies, een vir my en een vir Simon. “*Bargain*”, dink ek.

“O ja”, sê ek vir apteker. “‘n Vriend van ons het sy werk verloor. Is daar dalk iets wat mens oor die toonbank kan koop sonder ‘n voorskrif. Iets wat hom kan help ontspan?”, lieg ek oor die vriend. Hy gee vir my ‘n boksie pille.

By die huis aangekom gee ek vir Simon ‘n kalmeerpil. “Drink elke oggend een, dit sal jou goed doen”. “Ek gaan nie enige ding drink nie, waarvoor is dit”, vra hy. “Dit is ‘n kruietablet vir spanning, drink dit”, sê ek.

Sondag 5 Julie

Ek staan op en voel regtig sleg. My lyf is seer, ek het 'n koorsblaar op my lip. Ek klim terug in die bed.

Maandag 6 Julie

Ek voel goor en bly in die bed. Slaap slaap slaap wonderlike slaap.....

Dinsdag 7 Julie

Ons staan vroeg op en maak koffie. Ek maak seker Simon drink sy "kalmeerpilletjie" getrou. Ek is regtig nie lus vir een van sy uitbarstings nie – of dat hy dalk so depressief raak, of of of – hoe moet ek al die antwoorde hê? Ek wil ook liever niks weet nie. Ek gaan stort en begin in my kantoor werk. Ek kan nie toelaat dat ek my werk afskeep nie, wat dan? Wie gaan dan vir ons sorg? My ouers is jare gelede al oorlede en Simon het nog net sy ma oor en sy is definitief nie in 'n situasie om ons finansiëel te help nie. Daar is niemand.

Simon is besig in sy kombuiskantoor en en stuur fakse die een na die ander deur.

"Ag Vader, laat iemand tog net van sy produkte koop", dink ek by myself.

Hy praat nie met my nie.

11 uur gaan maak ek vir ons tee en 'n toebroodjie. Hy drink sy tee in stilte en gaan aan met fakse stuur.

Laatmiddag kom hy my kantoor ingestap. Sy gesig lewe. "Raai wat?" sê hy. "Een van die opposisiemaatskappye het vir my 'n werk aangebied."

"Fantasties" sê ek.

"Waar, wie, hoeveel salaris?" vra ek.

"Ek weet nie, hulle moet terugkom na my", antwoord hy. Ek draai terug na my lessenaar en gaan aan met werk. Ek moet gefokus bly. Ek moet konsentreer.

Die maatskappy bied 'n klein salaris, nog kleiner kommissie en 'n motor aan. "Skat, ek het werk!!" klink hy opgewonde. Ek begin 1 Augustus werk.

Vrydag 10 Julie

Vrydagoggend besluit ek om volgende week verlof te neem. Ek is só bly oor sy werk dat ek hom oortuig dat ons bietjie see toe kan gaan vir 'n paar dae. Dis goedkoop, ons huur sommer iemand se woonstel teen 'n baie billike prys. Ons het 'n vakansiehuis in dieselfde seedorp, maar daar is huurders in. Baie goeie huurders wie se huurbetaling elke maand 'n beduidende verskil maak op die verbandkoste. Wat 'n heerlike paar dae het ons nie? Ons stap langs die see, gesels en maak planne. Ons bespreek dat ons miskien na die kUSDorp moet verhuis. Ek kan van enige plek af werk, want my werk is baie rekenaargebonde. Dit sal goedkoper wees as ons van die vakansiehuis af werk. Wanneer ons die een huis se geld kry, kan ons die vakansiehuis se verband aflos en vir Simon 'n bakkie koop. Huise verkoop nie

nou nie en siende ons een huis verkoop is, moet ons nou gaan waar dit goedkoper is. Ons skryf die plusse en minusse neer. Ons maak planne, net om dit weer te verander.

Donderdag 23 Julie

Heeldag by hoofkantoor. Kom laat by die huis. Simon het mense vir 'n braai genooi. Ek is soooo moeg dat ek net in die bed wil klim en slaap.

Toe ek my handsak neersit, sê hy, "ek het vir jou slegte nuus."

Ek dink by myself, wat kan tog nou so sleg wees. Niemand is dood sover ek weet nie, dan sou hy my al op die pad gebel het, glo ek.

"Ek het nie meer die werk vanaf 1 Augustus nie."

"Die eienaar van die maatskappy het my geskakel en hy het nie besef dat dit so sleg met sy maatskappy gaan nie. Hy sal van sy werknemers volgende maand moet aflê. Hy sal oor 6 maande terugkom na my".

Hoe op aarde kry een persoon dit reg om soveel beheer oor iemand se lewe te hê, om met een oproep 'n familie se lewe te ontwrig, dink ek by myself. Ek sê vir Simon hy jok vir my. Dit is nie so nie.

"Sweer" sê ek. "Sweer op jou ma, jou pa (wat al dood is), jou broer, enige iemand, sweer en sê dit is nie so nie."

Ek weet mens mag nie na willens en wetens sweer nie, maar om te sweer was nog altyd vir my die *ultimate*. Gewoonlik sal ek sê belowe, maar belowe is nie nou kragtig genoeg nie. Ek wil nie glo wat ek hoor nie, EK WIL NIE. Mol, my vriendin, draai na my en sê, "wees net positief". Ek kyk na haar en my bors sak dat ek dit amper op my maag kan voel soos ek 'n sug uitblaas. Ek weet nie wat om te sê nie. Is dit dan net ek wat 'n benoude gevoel op my bors kry, of sien niemand anders die erns van die situasie nie?

Ek sê niks en gaan aan om aandete voor te berei.

Woensdag 22 Julie

Vriend van oorsee kom kuier. Eet hier.

Dinsdag 21 Julie

Help vir Jasper met rekenaar. Hulle eet sommer die aand hier.

Maandag 20 Julie

Dit is werk soos gewoonlik.

Sondag 19 Julie

Terug by die huis. Maak reg vir die week wat voorlê.

Vrydag 24 Julie

“Ah, dis te lekker, die huis druk jou vas, begin iets konkreets doen dan sal niks jou vasdruk nie”, maar ek sê dit nie.

“Jy moet begin om die spykers uit die mure te haal, voor die nuwe eienaar van die huis oor twee maande intrek,” sê ek.

“Watse spykers?” vra hy.

Ek wonder by myself, het ek die afgelope jaar alleen in die huis gebly? Waar was hy toe ek die kombuiskaste, skilderye, boeke en CD's ingepak het? Makeer sy oë iets, dat hy nog nie gesien het die mure is kaal, met spykers wat nou in die plek van die skilderye is nie? Ek sê niks. Dis die verloop van my lewe: Ek sê NIKS.

Laatmiddag kom hy huis toe.

“Ek gaan vir 6 maande werkloosheidsversekering trek. Dit sal genoeg wees om die basiese uitgawes te dek,” sê hy. Ek herinner hom dat hy moet bank toe gaan om die aftrekorders te kanselleer.

“Ja, jy moet alles na jou bankrekening verskuif,” deel hy my mee. Ek moet die versekeringsmakelaar gaan sien en my polisse kanselleer.

“Hou tog net 'n lewensversekering. As jy iets oorkom, wil ek nie sonder enige geld sit nie,” sê ek.

Ag Here, hoe het ek nie afgelope paar jare beplan, ekonomies gelewe, planne gemaak, net om eendag 'n goeie aftrede te verseker nie. Ons huis wat ons in bly is nou verkoop, 'n koper het al 7 maande gelede geteken, en ons wag vir haar verband om goedgekeur te word. Dan kan ons ons huis by die see klaar betaal. Daar is baie goeie huurders in. Ons kan dan daardie huurgeld gebruik om 'n plekkie nader aan my werk te huur.

Wouter kom met 'n groot glimlag by die huis ingestap.

“Mamma, ek het my eerste salaris gekry en hier is my strokie ook”.

Die kind is so opgewonde en dit maak my bly.

Saterdag 25 Julie

Ek en Aaron werk in die tuin. Ons snoei, knip, skoffel en maak die tuin netjies. Al die boompies moet soos groot rondkop soldaatjies geknip word. My lewe is besig om al hoe meer beroerd te lyk, maar ek is gepla oor die boompies wat almal perfek rond gesnoei moet word.

“Ma, jy kan darem werk uitkrap as jy tyd het!” laat Aaron verbaas hoor.

Ek klim op die dak om die oorhangende takke af te knip. Hulle kap teen die dak as die windwaai.

“Ma, jy's te dik om op die dak te sit, jy gaan deurval, en hoe kry ek ma dan gehelp?” lewer Aaron weer kommentaar. Ek lag en knip verder.

“Aaron, wat pla jou so as ek nou deur die dak moet val?” vra ek.

“Ma, al wat my pla is wie dan vir my gaan kos gee,” sê hy ernstig.

Ai, Aaron, dink ek by myself. Ek is so bly dat ek darem iets in iemand se lewe kan beteken, al is dit net om te sorg dat jy koskry.

Sondag 26 Julie

Toe ek vanoggend my oë oopmaak, staan Simon al reg om af te stap see toe. Ek stap saam, hopende dat ons kan praat oor wat ons gaan doen. Hy vermy die onderwerp en ek kan agterkom hy is nie lus vir praat nie.

Wouter kom staan buite by my en koffiedrink. “Mamma, help die huurgeld wat ek vir julle die maand gegee het?” Ek besef dat hy verantwoordelik vir ons voel. Ek voel dat ek hom moet gerusstel en verseker dat dit ons baie help.

“Ja, ek het krag gekoop vir die huis, dit was amper klaar,” verseker ek hom.

Vroegaand sit ek en werk voor die rekenaar. Ek het hierdie week ‘n groot uitstalling en ek is besig om my voorbereiding te doen. Dis net na 8. Ek staan op om te gaan tee maak.

“Hou tog op raas!” snou hy my toe van die bank.

“Wat is dit nou?” vra ek.

“Jy maak die deur oop en toe, oop en toe.”

“Ek probeer slaap.”

“Ag moenie vir jou belaglik hou nie. Hoe moet ek weet jy probeer slaap. Dis net na 8-uur in die aand”.

Ek is regtig nie lus vir hom nie. Hy seker ook nie vir my nie, maar dis sy probleem.

Maandag 27 Julie

Ek moes vanoggend vroeg opstaan om ‘n uitstalling te gaan doen by ‘n groot en bekende konferensiesentrum. Simon het saam met my opgestaan en gaan stap. Ek is heeldag besig en kom laatmiddag terug by die huis. Die goeie vriend van ons van Australië kom maak ‘n draai. Simon skink vir ons elkeen ‘n glasië rooiwijn. Ons gesels sommer oor die lewe en wat dit alles inhou, en vir die eerste keer voel ek lus om in trane uit te bars en te huil en huil en huil.

Maar ek doen dit nie. Ek bly net doodstil.

Hy vergelyk ons situasie met ‘n kurkprop en sê, “You will never keep ‘n good man down”, en hy hou die kurkprop in sy hand. “Jy kan hierdie kurkprop met 2 hande diep onder die water hou, maar die oomblik wat hy hom los, spring hy bo die water uit”.

Ek neem die kurkprop by hom en druk dit in my sak. Ek wil hê dit moet my simbool wees wanneer ek twyfel. Ek weet dis verkeerd, maar Here hoe kan u my kwalik neem? Ek sug, ek’s moeg. Simon het vandag Wouter se motor gebruik, maar

vanaand gaan hy weer gal af. “Môre stap ek ABSA toe”, sê hy. Dis meer as twaalf kilometer. Ek weier om kommentaar te lewer. “Stap maar”, dink ek by myself. Stap stap stap. Ek moet vroeg gaan slaap omdat ek môre vroeg moet opstaan. Ek moet die hengse verkeer stad toe aandurf om vroeg op my pos by die uitstalling te wees. “Ruben het gevra dat ek môre vir hom moet help om goedkoper apparaat vir sy maatskappy te kry”, deel hy my mee. “Ek hoop hy betaal jou,” sê ek. “Ag moenie belaglik wees nie”, sê hy. “Simon, jy verstaan nie, alles wat jy nou doen, moet geld genereer”. Ek begin moedeloos raak. Geen geld kom in nie.

Dinsdag 28 Julie

Ek durf vroegoggend die druk verkeer aan. Ry, stop, ry, stop vir twee ure lank, en die afstand sou ek normaalweg in 20 minute met gemak aflê.

Simon probeer om sy werkloosheidsversekeringsbrief van sy vorige maatskappy te kry. Hulle ignoreer hom net eenvoudig. Binne my wroeg dit. Ek het baie tyd om te sit en tob in die motor. Skielik besef ek wat die gesegde “slakkepas” beteken, want ‘n slak sou my wragtig vanoggend verbygegaan het.

Hoe kan mense so gemeen wees? Ek begryp die ekonomie het hulle gedwing om afleggings te doen. Ek begryp ook dat personeel met hoë salarisse eerste moet gaan.

Wat ek egter nie kan verstaan nie, is hoekom die agtergeblewe personeel ‘n ooreenkoms moes teken om geen kontak met Simon te mag maak nie. Indien enige van die personeel dit durf waag om kontak te maak, kan hulle hulle werk verloor. Liewe hemel, die man het julle mos geen skade aangedoen nie. Het hy gesteel? Gelieg, Bedrieg? Nee nee nee! Waarom behandel hulle hom asof hy ‘n krimineel is? Kon ek die eienaar en sy vrou so verkeerd lees? Waarom nie sy werkloosheidsdokumente aanstuur nie? Waarom hom nie bel en vra hoe dit gaan nie? Was dit dieselfde eienaar wat die dag met aflegging Simon se hand geskud het en gesê het hy wil vriende met Simon bly? Vrae vrae vrae.

Simon stuur weer 2 fakse na sy vorige hoofkantoor en vra sy werkloosheidsvorm/dokument aan. Hulle ignoreer hom egter.

Woensdag 29 Julie

Dis weer ek en die slak wat resies jaag om eerste by ons bestemming aan te kom. Weereens skop hy stof in my oë. Vanoggend kyk hy selfs om en met ‘n glimlag in sy twee uitpeul ogies, en verdwyn vóór my om die laaste draai. Die verkeer maak my gedaan.

Simon gaan stap nou elke oggend. Ek's bly. Dit hou hom besig en hy voel goed. Hy is besig om 'n lys saam te stel van al die voorraad wat hy in die hande kan kry. Hy neem elke telefoonboek en stel 'n kliënte-lys saam.

Ek kom laataand by die huis. Dis donker. Dit reën. Dis koud en ek is moeg. Simon vra of ek nie die kliëntelys vir hom sal netjies oortik nie. Ek gaan sit voor die rekenaar, maar hy skryf so onduidelik dat ek nie sy skrif kan ontsyfer nie.

Ek roep hom en hy skuif sy stoel langs my in. Hy lees die vreemdste name. Ek ken glad nie die name nie en maak tikfoute. Hy raak geïriteerd en ek begin giggel. Ek giggel gewoonlik oor alles as ek moeg is. Hy raak al hoe bleker langs my.

“Ek kan nie waag om die lys na kliente te faks nie, hulle sal dink ek is die grootste brood in die bedryf”, snou hy my toe.

“Kom tik dan self”, sê ek. Giggel giggel giggel.

Ek is so moeg dit voel of my skouers elkeen 'n sak lood op het. Dit is amper elkf uur en ek moet môreoggend weer net na vyf opstaan. Ek is nie lus om te sit en tik nie, maar ek doen dit want ek moet. Elke dag wat hierdie voorraadlys nie uitgaan na moontlike kliënte nie, is 'n dag nader aan 'n leë bankrekening.

Hy kla oor die telefoonkoste, maar ek hou my doof.

Donderdag 30 Julie

Vandag is die laaste dag van die uitstalling. Ek is bly. Geen vroegoggend verkeer meer nie. Ek beman die stalletjie met 'n huppel in my stap. Dit was vanoggend die heel laaste keer dat ek en slakkie resies gejaag het. Ek is bly en ek gee ook nie om wat nou van slakkie gaan word nie. Hy kan met liefde vir hom 'n ander maatjie soek. Simon is baie gefokus op sy nuwe onderneming. Hy sit voldag voor die faksmasjien om sy voorraadlyste na moontlike kliente te stuur. Hier en daar kontak iemand hom om moontlik met hom besigheid te doen. Hy is opgewonde as hy vertel van die mense wat hom skakel vir pryse. Dit is egter waar dit bly. Hulle skakel, maar niks verder gebeur nie.

“Gelukkig word my laaste salaris môre inbetaal,” merk hy laataand op. “Ek was reeds by die versekeringskonsultant om die polisse minder te maak. Ons moet lewens- en kortermynversekering hê, so ons het nie daaraan verander nie,” lig hy my in wat ek reeds weet. Maar ek sê niks, te dankbaar dat hy verder dink.

Om die een of ander duister rede kom die koper van ons huis se geld nie deur nie. Ek begin benoud raak. Ek blaai die koerant elke dag deur op soek na moontlike huurplekke. Ek kry 'n bekostigbare tweeslaapkamer huisie met 'n motorhuis in 'n middelklasbuurt. Motorhuise by hierdie plekke is nie 'n algemene bonus nie. Die rede vir die bekostigbare huur vir die huisie? Dit is langs die spoorlyn geleë. Ek en Simon gaan kyk hoe die huisie lyk.

“Mmm, nie te sleg nie,” dink ek. Daar is ongeveer 50 huisies in die sekuriteitskompleks. Die tuintjie is almal netjies en daar is vreeslike hoë sekuriteitsdraad tussen die spoorlyn en die kompleks. Daar is plek vir my, Simon en Wouter om te bly. “Bly positief, Tallie, bly positief.”

Ons kan egter nog nie teken vir die spoorlynhuisie, voordat ons nie weet wanneer ons koper in ons huis gaan intrek nie. Die verhuringsagent bel my knaend dat ek die vorms moet teken. “Betaal sommer die deposito, huur, administratiewe koste en mootlike skade bedrag in die rekening,” spel sy uit. Ek werk uit hoeveel dit is. Ek verduidelik dat ek nie kan bevestig wanneer ons intrek nie, want ons weet nog nie wanneer ons huis moet wees nie.

“Watter deel van die storie verstaan sy nie?” wonder ek by myself. Ek gaan definitief ook nie vir haar vertel Simon is werkloos, ek wag vir die geld van die huis, én dat ek op hierdie stadium met die ergste moontlike scenario moet werk wat geld betref nie.

Vrydag 31 Julie

Simon se geld word nie inbetaal nie. Ek sien hy is moedeloos. Alhoewel hy heel week bemarking van sy nuwe besigheid gedoen het, kom daar nog geen geld in nie. Ek stop alle moontlike gate met my salaris toe.

“Ek is seker as hulle my salaris vandag inbetaal, sal dit môre op die bankstaat wys,” sê Simon. “Die huis by die see se verband is reeds afgetrek. Ek is in my oortrokke fasiliteit,” sê hy.

Vrydagaand het hy weer een van sy uitbastings.

“Jy druk my baie hard,” word ek toegesnou. Ek staan voor die wasbak en kyk hoe ‘n druppel water uit die kraan op water in ‘n glas neerplons. Dit voel asof my laaste ordentlikheid saam met die druppel uit my gewurg word. Ek draai stadig om en kyk Simon in sy oë.

“Dit was nou die laaste keer dat jy my blameer vir jou werkloosheid. Ruk jou reg en neem verantwoordelikheid vir wat met jou gebeur het. Hou op om almal rondom jou te blameer, te vloek en te skel. Ek het nog my werk. Ons het nog medies, want ek betaal die medies. Ek is bereid om saam met jou langs die spoorlyn te gaan bly, maar jy sal my nie langer afkraak nie. Dis vir my ook baie erg, maar nie een van ons kan nou bekostig om moed te verloor of op te gee nie,” sê ek afgemete.

“So, dan slaap ek seker weer vannag op die bank”, sê hy.

“Slaap waar jy wil,” antwoord ek nonchalant. Ek stap na die kamer, maak die deur toe en klim in die bed.